

---

# *WOORD & DAAD*



**WORD & ACTION**

**Herfs / Autumn 2012**

**No. 419**

**DIE ZUMA-ERA**

---

## WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:  
Die Reformatoriese Beweging van  
Suider-Afrika in samewerking met die  
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte /  
The Reformational Movement of  
Southern Africa in coordination with the  
Bureau for Scholarly Journals

HERFS UITGAWE – 2012  
AUTUMN EDITION – 2012  
Vol. 52 no. 419

UITGAWEREDAKTEUR /  
EDITION EDITOR  
Michael Heyns

ARTIKELREDAKTEURS /  
FEATURE EDITORS  
Bennie van der Walt, Michael Heyns,  
Willemien du Plessis, Pieter Buys,  
Marlies Taljard, Jan Swanepoel,  
Lourens du Plessis,

MEDEWERKENDE REDAKTEURS /  
CONTRIBUTING EDITORS  
Nic Olivier, Attie van Niekerk,  
Johan Snyman, Allan Munro,  
Amie van Wyk

TEKSREDAKTEUR / & TEXT EDITOR:  
Marlies Taljard  
TEKSREDAKSIE / TEXT EDITING:  
Izette Minny  
FINANSIES / FINANCE:  
Izette Minny  
KORRESPONDENSIE /  
CORRESPONDENCE:  
Natanya Jacobs

### Woord en Daad / Word and Action

Privaatsak / Private Bag X6001  
Bussie: 208 / Box: 208  
POTCHEFSTROOM 2520  
RSA

Tel. (018) 299-1786  
Faks/Fax 087 2315 430  
E-pos / e-mail:  
izette.minny@nwu.ac.za /  
natanya.jacobs@nwu.ac.za

FUNKSIONARISSE / OFFICIALS  
Jan Swanepoel  
(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)  
Amie van Wyk  
(Visevoorsitter / Vice chairman  
REBSA / REMSA)

INTEKENGELD / SUBSCRIPTION:  
RSA R90; Ander / Other \$55/€40

Gedruk deur / Printed by  
**XEROX**,  
Potchefstroom

VOORBLAD – Izette Minny  
BWT



## INHOUD

### VOORWOORD

- 1 Woord en Daad betree 'n oorgang  
**Redakteur**

### PRINSIPIËLE BESINNING / REFLECTION

- 3 Is die massas magtiger as die verfkwas?  
**R. Swanepoel**

### MENINGS EN INLIGTING / OPINIONS AND INFORMATION

- 9 President Jacob Zuma: 'n analise van die goeie en  
slegte aspekte van sy leierskap  
**P. Heydenrych**
- 13 "Die bosoerlog": Hoe word dit vandag onthou?  
**A. Wessels**
- 16 Die volkslied: Ons kan en moet dit omarm  
**S.A. Swanepoel**
- 20 What are the implications of AARTO?  
**R. Koraan**
- 23 Filosofie en nut – Opmerkings oor die bruikbare denke  
**J. Schoeman**
- 28 Die begrafnis van oom Jurie  
**B. Van der Walt**

### RESENSIES

Resensies en boekaankondigings verskyn op: 8, 12, 31, 32

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek is dié van die outeurs en weerspieël nie noodwendig dié van die Redaksie nie.  
Opinions, views and conclusions published in WORD AND ACTION are those of the authors and are not necessarily those of the Editorial Board.

## Woord en Daad betree 'n oorgang

**W**oord en Daad betree met hierdie uitgawe 'n oorgang. Die oorgang bedoel nie om afskeid te neem van dit wat oor die jare aan die tydskrif 'n 'eie stem' gegee het nie. Inteendeel, as daar een bedoeling met die oorgang is, is dit dat ons juis die 'eie stem' wil uitbou. Die afgelope klompie dekades is *Woord en Daad* tegnies versorg en in harde kopie uitgegee deur die *Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte* van wat eers die *PU vir CHO* was en later die *Potchefstroom Kampus* van die *Noordwes-Universiteit* geword het. Hierdie *Buro* het onlangs sy deure gesluit. Daar is deur die redaksie besluit om *Woord en Daad* voortaan uit te gee in medewerking met die *Instituut vir Grondslae-ondersoek* op die *Potchefstroom-Kampus* van die *Noordwes-Universiteit*.

Ten opsigte van die inhoud en rigting van *Woord en Daad* het niks egter verander nie. Dit bly steeds 'n publikasie van *Die Reformatoriese Beweging van Suid-Afrika*. Dit beteken dat die tydskrif 'n reformatoriese stem wil laat hoor. Reformasie is natuurlik nie 'n doel op sigself nie, maar wil in die gees van *semper reformanda*, nader beweeg na wat 'n outentiek christelike stem moet wees. Die sterk punt van die reformatoriese aksent binne die christendom is daarom dat alles wat bestaan, gesien word as onder die heerskappy van Christus en dat dit daarom die wil van God moet hoor en daarheen beweeg. Geen aspek van ons lewens en die wêreld waarin ons woon, kan hiervan uitgesluit word nie. Daarom is standpunte wat 'n verdeling wil maak tussen dit wat op 'n christelike terrein tuishoort en dit wat deel is van 'n gewone alledaagse lewe nie houdbaar nie. Die alledaagse lewe is net so christelik as wat die kerk is en die kerk net so gewoon soos wat ons daaglikse arbeid en die politiek is.

*Woord en Daad* sal dus skryf oor die kerk en die geloof en die sentrale plek wat dit in ons lewens behoort te hê. Maar omdat die kerk nie onaantasbaar heilig is nie, sal ons

ook kritiseer waar geloofsake skeefloop. Daar sal sonder aansiens des persoons geskryf word oor die politiek en politici omdat hulle ons lewens fundamenteel beïnvloed, en ook oor die wetenskap en tegnologie want daarsonder is die moderne lewe nie denkbaar nie... en met dit soms ook nie leefbaar nie.

In hierdie uitgawe handel die eerste aantal artikels inderdaad oor die politiek. President Jacob Zuma word bekyk, maar die kyk gaan selfs dieper: hy word 'n fokuspunt vir nadenke oor kuns, vryheid van spraak en leierskap. Deel van die gewone lewe van Suid-Afrikaners was vir baie jare ons stryd met mekaar, en nou ons worsteling om verenig met mekaar te leef. Daaroor handel 'n artikel wat terugkyk na die bosoerlog en 'n artikel oor die volkslied. 'n Artikel oor die alledaagsheid van iets wat soms as nie so alledaags bestempel word nie, handel oor die bruikbaarheid van die Filosofie. Volgens 'n antieke beskouing ding die Filosofie en Teologie mee om die posisie van nadenke oor die hoëre sfeer van menslike lewe. Natuurlik kan nie nagelaat word om uit te lig dat beide niks anders is as deel van 'n gewone lewe nie. Hierdie uitgawe sluit af met 'n skets van 'n gewone lewe wat buitengewone betekenis gehad het vir mense wat met 'n gelowige oog daarna kyk.

Nog twee karaktertrekke wat *Woord en Daad* oor jare ontwikkel het, moet onderstreep word by hierdie geleentheid van oorgang. Die tydskrif het 'n plaaslike ingesteldheid, 'n verbondenheid met hierdie land en sy mense. Bogenoemde artikels lewer oorvloedig getuigenis hiervan. Hierdie verbondenheid beteken natuurlik nie dat nie kennis geneem word van wat in die wêreld buite ons grense aangaan nie. Daar sal inderdaad gepoog word om in die toekoms ook 'n breër blik te werp.

'n Laaste karaktertrek wat beklemtoon moet word: *Woord en Daad* het in die verlede en sal in die toekoms steeds naby

beweeg aan die akademiese wêreld. Die meeste van ons skrywers kom uit die akademie en die tydskrif self word 'gehuisves' deur die Noordwes-Universiteit. As gevolg van die toenemende praktyk om akademiëci te beloon vir tegniese en vakspesialisartikels wat in taamlik ontoeganklike vaktydskrifte verskyn, is daar 'n toenemende tendens dat geleerdheid en kennis nie vir 'n breër publiek beskikbaar gestel word nie.

Universiteite en akademiëci het egter ook 'n openbare verantwoordelikheid: Die kennis en geleerdheid waarvoor hulle beskik moet met 'n breër publiek gedeel word. Dit gebeur gewoonlik in publieke lesings asook artikels in nuusblaaie en tydskrifte. Dit is presies op hierdie punt waar *Woord en Daad* 'n diens wil lewer. Dit moet wel

onderstreep word dat *Woord en Daad* nie 'n tydskrif van die Noordwes-Universiteit is nie en dat hierdie onafhanklikheid belangrik sal wees om die integriteit van die tydskrif te handhaaf. Tegelyk, soos hierbo aangetoon, beweeg *Woord en Daad* naby aan die Universiteit en akademiëci. Hierdie spanning tussen verbondenheid en onafhanklikheid is egter nie 'n verleentheid nie, maar juis dit wat die stem van *Woord en Daad* uniek maak.

**Michael Heyns**  
**Uitgaweredakteur**

**WOORD & DAAD** op die internet! /

**WORD & ACTION** on the internet!

[http://www.journals.co.za/ej/ejour\\_woord.html](http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html)

Gebruikersnaam en wagwoord kan aangevra word by:

UserID and password can be obtained from:

Erika.Otto@nwu.ac

# Is die massas magtiger as die verkwas?

Dr. Rita [M.C.] Swanepoel,  
(Dosent in Kunsgeskiedenis van die Potchefstroomkampus van die NWU)

## Inleidend


**D**ie afgelope Brett Murray-uitstalling, *Hail to the thief II*, in die Goodmangalery in Rosebank, Johannesburg het heelwat aandag in die media ontlok. Die uitstalling het 10 Mei 2012 geopen en sou tot Jeugdag, 16 Junie 2012 duur. Dit is kortgeknip nadat twee mans, een wit en een swart – sal Suid-Afrika ooit wegkom van rasgedrewenheid? – die galery ingestap en een van die werke, *The Spear*, ernstig beskadig het deur dit met verf by te kom. Die galery was genoop om sy deure te sluit, enersyds uit vrees dat nog werke beskadig kon word, en andersyds ter wille van die veiligheid van galerybesoekers, aangesien ontevredenheid met protesoptogte gedreig het.

**Die werk is gevolglik summier in 'n breër publieke domein geplaas waar mense wat normaalweg nie in kuns belang stel nie, ook die werk te sien gekry het.**

Nog voor die beskadiging plaasgevind het, was die uitstalling, en in besonder *The Spear*, reeds in omstredenheid gehul. Nadat die Goodmangalery die werk in die publieke kunsdomein geplaas het, het *City Press* 'n foto van *The Spear*, waarop 'n uitbeelding van President Zuma met ontblote geslagsdele verskyn, op sy webblad gepubliseer. Die werk is gevolglik summier in 'n breër publieke domein geplaas waar mense wat normaalweg nie in kuns belang stel nie, ook die werk te sien gekry het. Nasionaal en interna-

sionaal is gesprekke hieroor gevoer deur kunshistorici, kunstenaars en die publiek, asook deur mense wat selde voorheen aan kunsgesprekke deelgeneem het. Baie van hulle het opinies in die gedrukte media en op webblaaie op die internet uitgespreek sonder dat hulle die werke gesien het of die konteks behoorlik in aanmerking geneem het.

President Zuma, sy familie en lede van die ANC het beswaar aangeteken teen *The Spear*. Die president het te kenne gegee dat hy 'n hofspraak teen *City Press* en die Goodmangalery aanhangig gaan maak. Ander werke wat deel van die uitstalling gevorm het, is ook deur die ANC as disrespekvol beskou vanweë die kunstenaar se spot met en gebruik van ANC-simbole, soos blyk, uit die volgende afbeeldings:





Hierdie kontroversiële uitstalling ontlok heelwat akademiese gesprekke oor die lees en interpretasie van versetkuns binne die sosio-politieke konteks van 'n post-apartheid en postkoloniale Suid-Afrika. Dit raak ook kwessies aan ten opsigte van mediavryheid, die vryheid van spraak en kunstenaars se reg tot konseptuele estetiese uitdrukking.

### **Konseptuele versetkuns as genre**

Westerse kuns toets dikwels die grense van tegniek en media in 'n soeke na oorspronklikheid, soos byvoorbeeld duidelik blyk uit die *avantgardistiese* benadering sedert die modernisme. Gevolglik sou 'n mens kon stel dat moderne kuns gekenmerk word deur oorspronklikheid, normdeurbreking en die verskuiwing van grense. Die kunssisteem het getoon dat dit 'n vermoë het om skok te absorbeer en om die aanvanklik ongewone te assimileer. Dit wat met ander woorde aanskouers in die vroeg-twintigste eeu tydens die modernisme geskok of tot diskoers aangespoor

het, val nie meer vandag vreemd op nie. Die gekoesterde modernistiese *avant-garde*-oorspronklikheid het binne die post-modernisme se *post-avant-garde* trefkrag verloor. In die gebruik van negatiewe kodes ter wille van effek en trefkrag neem versetkuns, ook genoem sosiaal-betrokke kuns, dikwels die voortou want hierdie genre wil – in die woorde van Van Gorp in sy woordeboek vir literêre terme – in diens staan van 'n bepaalde mens- en samelewingsvisie. Met negatiewe kodes bedoel ek juis dit wat mense kan skok, en wat teen die grein van tradisionele estetiese opvattinge ingaan ten opsigte van die uitbeelding van die mooie en skone.

**Dit is dus te verstane dat die kombinasie van konseptuele en versetkuns vir kunstenaars 'n baie kragtige genre skep vir die dinge wat hulle in 'n samelewing wil kritiseer.**

Konseptuele kuns gaan uit van die veronderstelling dat die konsep of idee van die kunstenaar as sodanig die eintlike kunswerk is, en nie die materiële finale produk, met ander woorde die kunswerk as objek nie. Dit beteken dat Dit beteken dat die uiteindelijke kunswerk in sommige gevalle net die dokumentasie van die kunsskeppingsproses sou kon wees. Dit is dus te verstane dat die kombinasie van konseptuele en versetkuns vir kunstenaars 'n baie kragtige genre skep vir die dinge wat hulle in 'n samelewing wil kritiseer.

Dat kunstenaars van sogenaamde negatiewe kodes gebruik maak om hulle verset of kritiek teen regerings en staatshoofde uit te beeld, is eeue oud en voorbeelde daarvan is talryk. Ek noem enkele kunstenaars as voorbeelde: Heironymus Bosch (c.1450-1516), Goya (1746-1828), Edward Kienholz (1927-), Joseph Beuys (1921 -) en die dadaïste (c.1916-1918).

'n Goeie voorbeeld van die gebruik van negatiewe kodes in versetkuns is sy-skermdrukke van Hitler (1932) deur die

Duitse Dadaïes, John Heartfield (1891-1968). Helmut Herzfeld het in solidariteit met anti-Nazimagte sy naam na John Heartfield verander uit protes teen die toe pas afgelope Eerste Wêreldoorlog (1916-1918). Hy het homself as kranksinnig voorgedoen in 'n poging om militêre diensplig te ontduik. Gedurende sy Weimarperiode het hy 'n lid van die Berlyne Dadagroep geword en was hy redakteur van hul mondstuk *Der Dada*. Gedurende die Nazitydperk tussen die twee Wêreldoorloë is sy werke verban. Heartfield het die grootste gedeelte van sy kunsloopbaan gewy aan anti-Nazipropaganda. Die uitbeeldings van Hitler in sy werke is afstootlik juis om die afstootlike verskynsel van die gaskamers in konsentrasiekampe konseptueel te verbeeld.

Konseptuele en versetkunsenaars in Suid-Afrika het hulle ook binne die Suid-Afrikaanse konteks nie onbetuig gelaat oor sosio-politieke verskynsels nie. Ek wys op enkele voorbeelde uit die visuele kunste, soos dié van Norman Catherine (geb. 1949), William Kentridge (geb. 1955), Breyten Breytenbach (geb. 1939), Zapiro (geb. 1958), Paul Stopforth (geb. 1945), Manfred Zylla (geb. 1939), Mpolokeng Ramphomane (geb. 1955) en vele meer. Heelwat van hierdie kunstenaars se werke is tydens die apartheidsera verbied. In hierdie tyd het Murray self heelwat kunswerke geskep in reaksie op en as kritiek teen die voormalige NP-regering.

### **Brett Murray as konseptuele versetkunstenaar**

Die uitstalling *Hail to the thief, II* is 'n opvolg van Murray se gelyknamige uitstalling wat in 2010 in Kaapstad plaasgevind het. Die Goodmangallery het Murray op sy webblad tydens die aankondiging van die uitstalling soos volg bekend gestel:

Established Cape Town based artist Brett Murray returns to Goodman Gallery Johannesburg with *Hail to the Thief II*. This body of satirical work continues his acerbic attacks on abuses of power, corruption and political dumbness seen in his 2010 Cape Town show *Hail to the Thief*. In this sequel show, Murray's bronzes,

etchings, paintings and silk-screens form part of a vitriolic and succinct censure of bad governance and are his attempts to humorously expose the paucity of morals and greed within the ruling elite.

**Vir die verstaan en interpretasie van 'n kunswerk is kennis van genres en die oeuvre van die kunstenaar in besonder binne hierdie konteks noodsaaklik.**

Vir die verstaan en interpretasie van 'n kunswerk is kennis van genres en die oeuvre van die kunstenaar in besonder binne hierdie konteks noodsaaklik. Brett Murray se oeuvre het hom gevestig as 'n satiriese kunstenaar wat hom op konseptuele versetkuns toespits.

### **'n Evaluering van *The Spear* (2012)**

Die werk, *The Spear*, moet nie letterlik gelees en geïnterpreteer word nie. Dit is nie 'n portretstudie van president Zuma nie – hy het immers nie vir die kunstenaar geposeer nie. In 'n persverklaring wat die kunstenaar uitgereik het, het hy dit duidelik gestel dat dit nooit sy bedoeling was om enige persoon te na te kom nie, maar dat die werk [en die groter uitstalling] slegs 'n poging was tot "humorous satire of political power and patriarchy within the context of other artworks in the exhibition and within the broader context of the South African discourse".

Binne die Afrikakultuur is dit uiters vernederend om 'n swart man se geslagsdele te ontbloot, te meer nog dié van 'n leier. Murray was óf onbewus hiervan, óf hy het dit wetend en met opset gedoen, óf hy was gewoon totaal onverskillig daarvoor. Dat *The Spear* reaksie sou uitlok, was gevolglik onvermydelik.

Die kunstenaar het dit wel gewaag om konseptueel sy kritiek op die ANC-regering en op president Zuma se veelbesprokenheid te verbeeld: as 'n besluitlose pre-

sident wat moeilik 'n standpunt inneem; sy blinde oog vir korrupsie, en sy veelbesproke private lewe met baie vroue, byvroue en 'n twintigtal kinders. Hierby moet ook genoem word dat die president in 'n stadium in die hof aangekla was vir die verkragting van 'n vrou met vigs. Hy is op hierdie klag van verkragting in die hof onskuldig bevind. Hy het egter nooit ontken dat hy onbeskermd seks met die vigs pasiënt gehad het nie. Sy was ook nie een van sy vier wettige vroue nie, wel 'n dogter van een van sy vriende. Die voorval het plaasgevind terwyl Suid-Afrika in 'n pandemiese stryd gewikkel was teen die verspreiding van die HIV-virus. Dit word deur baie beskou as die optrede van 'n onverskillige president.

### Evaluering van die gebruik van negatiewe kodes

Of 'n mens saamstem met die gebruik van negatiewe kodes, soos byvoorbeeld die ontbloting van geslagsdele van 'n leiersfiguur, en of die kunstenaar verstandig was om binne die konteks van die immer teenwoordige rassekwessies en kulturele diversiteit van Suid-Afrika so 'n werk te skep, is debatteerbaar. Met die betoog tot so ver moet die indruk nie geskep word dat ek kritiekloos staan teenoor Murray se gebruik van negatiewe kodes nie. Trouens, soos die bekende neo-Marxist, Theodor Adorno (1903-1966), in sy *Estetiese Teorie* dit duidelik maak – en hier gaan ek volkome akkoord met hom – kan realistiese uitbeeldings dikwels aanleiding gee tot hernude geweld en opstand. Dit het dan ook gebeur soos blyk uit die massa-optrede wat die galery genoep het om sy deure te sluit. 'n Verdere punt van kritiek teen die aanwending van sulke negatiewe kodes is gewoon te vind in die Bybelse opdrag van naasteliefde, of meer humanisties en eenvoudig gestel, doen aan ander wat jy graag aan jouself gedoen wil hê.

### Intertekstualiteit

Afgesien daarvan dat *The Spear* binne die konteks van versetkuns gelees moet word, is 'n begrip van intertekstualiteit nodig om die werk te begryp. Die Zuma-figuur in *The Spear* is gebaseer op 'n afbeelding van

Vladimir Lenin (1870-1924), die Russiese leier wat 'n groot rol gespeel het in die ontwikkeling van 'n ideologie wat in die loop van die geskiedenis tot baie lyding en ellende aanleiding gegee het. Lenin roep die Russiese bevrydingstryd op, wat op sy beurt revolusie oproep en revolusie weer bloedvergieting. Vir iemand om die kunswerk te verstaan, is begrip van hierdie konteks onontbeerlik. By die aanskoue van die kunswerk moet onthou word dat die spies 'n belangrike ANC-simbool is. Die militêre vleuel van die ANC se naam is *Umkonto we Sizwe*, wat *Spies van die Nasie* beteken. Die ANC het tydens die *struggle* (±1960-1989) met geweld en revolusie geveg om die land van apartheid te bevry. Die huidige ANC-jeugliga se gebruik van revolusionêre taal en oproep tot die nasionalisering van myne en die onteiening van grond sonder vergoeding, moet ook in die agterkop gehou word.

Murray ver-beeld myns insiens op 'n baie sterk konseptueel-negatiewe wyse dit wat baie Suid-Afrikaners oor alle grense heen bekommer oor die wyse waarop die ANC die land tans regeer, asook oor die omstredenheid wat die land se staatspresident omgeef.

### Die afloop van die uitstalling

*The Spear* is deur 'n Duitser gekoop vir 'n stewige bedrag van R135 000.00. Die Rolprent-en-publikasieraad het 'n ouderdomsperk vir die besigtiging van die werke ingestel.

**Om weer eens te verwys na Adorno en sy *Estetiese Teorie*: hy stel dat geskiedenis gesedimenteer word in onder andere die materiaal van kunswerke.**

Soos reeds hierbo gesê, is *The Spear* uit die galery verwyder, enersyds weens druk van die president en sy naasbestaendes, en andersyds ter wille van veiligheid en voorkoming van verdere beskadiging. Daarna moes die galery sy deure vir hierdie uitstalling sluit. *City Press* se



redakteur het na druk die afbeelding van die kunswerk van die koerant se webblad verwyder. As gevolg van die suksesvolle en intimiderende massa-aksie en bogenoemde sluiting van die galerydeure en die verwydering van die *The Spear* op *City Press* se webblad, het die president besluit om nie met 'n hofspraak voort te gaan nie. Die Goodmangalery het wel 'n hofspraak teen die Rolprent-en-publikasieraad oor die ouderdomsperk gemaak en onlangs is hierdie verbod opgehef.

### Die beskadigde kunswerk

Die beskadiging van *The Spear* ontlok verskeie belangrike vrae ten opsigte van konseptuele kuns. Ek noem enkele: As gevolg van die beskadiging het die kunswerk se fisiese voorkoms verander. Kwashale is bygevoeg, weliswaar sonder die medewete of toestemming van die oorspronklike kunstenaar, Murray. Die persoon wat die skildery gekoop het, het boonop nie die galery se aanbod om die werk te herstel, aanvaar nie. Moet 'n mens dan nou aanneem dat die twee mans – alhoewel hulle geen kunsopleiding of – ervaring het nie, en terwyl hulle ook nie die bedoeling gehad het om kuns te skep nie – nou mede-outeurs van die werk is of dat hulle die werk as 't ware voltooi het?

Binne die postmoderne dampkring word die konsep van die kunstenaar as meester, genie en enkelouteur sterk ondermyn. Die "dood van die outeur" ten gunste van "die geboorte van die leser" word trouens sterk gepropageer. Die feit dat die koper die beskadigde skildery aanvaar, is myns insiens ook betekenisvol. Om weer eens te verwys na Adorno en sy *Estetiese Teorie*: hy stel dat geskiedenis gesedimenteer word in onder andere die materiaal van kunswerke. Die kwashale wat die twee mans op die werk aangebring het, voltooi as 't ware konseptueel die volledige verhaal van Zuma se presidentskap, die kritiek wat die president dikwels ontvang, asook sy populistiese aanslag en aanhang onder die massas. Bykomend sou 'n mens ook kon stel dat die werk nou in sy beskadigde vorm meer insig bied in die wyse waarop die ANC die land regeer en spesifiek die regerende party se manipulerings van die massas om hul sin te kry. So beskou, is die werk myns insiens nou

geslaagder en ryker in konseptuele betekenislae as wat dit voor die beskadiging was.

### Media- en kunstenaarsvryheid

Die Murraysaak raak ook kwessies soos mediavryheid aan. Met die aanbreek van 'n demokrasie het Suid-Afrika deel geword van 'n internasionale demokratiese bestel – met lofliedere van oraloor vir ons Grondwet. Demokrasieë gaan oor die algemeen versigtig en verantwoordelik met sensuur om. Tog is daar ander maniere vir regeringslui om hulle sin te kry, soos blyk uit die afgelope Murraydebakel.

**Die Grondwet erken die  
vryheid van mening, wat  
vryheid van spraak insluit.**

Nie net die kunstenaar se reg tot uitdrukking nie, maar ook *City Press* se beroep op mediavryheid was ter sprake. Die Grondwet erken die vryheid van mening [kyk artikel 15] wat vryheid van spraak insluit. Terselfdertyd handel Artikel 36 met die beperkings op fundamentele regte en is hierdie artikel van toepassing waar regte met mekaar in konflik is.

In so 'n geval word 'n beslissing gevel aan watter van die botsende regte voorrang verleen moet word. In onlangse berigte het *City Press* se redakteur bely dat sy berou het oor haar besluit om die afbeelding van *The Spear* van die koerant se webblad te verwyder. Sy beweer dat sy dit enersyds gedoen het as 'n versoeningsgebaar, maar ook omdat sy geswig het onder druk van die Rolprent-en-publikasieraad. Belangrik is dat sy voel dat haar vryheid haar ontnem is, al is dit gedeeltelik aan haar eie optrede te danke. Dit was immers haar besluit. Ek gaan akkoord met kritiek wat sy van ander redakteurs ontvang het oor haar besluit. Die rede hiervoor is bloot dat vryheid van spraak en uitdrukking gekompromitteer is.

Om, wanneer dit by regte kom wat in die Grondwet verskans is, onder druk te swig, is myns insiens nie 'n oplossing nie. Hier

## Prinsipiële besinning / Reflection

was ook kulturele verskille ter sprake. Juis daarom is dit jammer dat die saak nie in die hof gedraai het nie, sodat wigte en teenwigte teen mekaar opgeweeg kon word.

Die reg op vrye kunstenaarsuitdrukking en die reg op privaatheid moes met ander woorde in 'n grondwetlike demokrasie teen

mekaar afgeweeë kon word. President Zuma het sy sin gekry, hoofsaaklik deur die toepassing van populistiese druk en nie deur die beslissing van 'n onafhanklike regbank nie. Ongrondwetlike populisme het geseëvier. Die grootste verloorder was vryheid van spraak en uitdrukking – deur sowel die media as die kunswêreld.

Hugo, Daniel. 2012. **Hanekraai**. Protea Boekhuis. 72 p. Prys: R129.  
ISBN: 1869197631

**Resensent:** Dr. Marlies Taljard,  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Daniel Hugo is 'n deurwinterde digter wat met minimalistiese middele omgaan om kuns van suiwer en gestroopte skoonheid te skep. Hy is 'n meester van die kort gedig. Sy gedigte is dikwels impressionisties van aard en herinner aan *Moment Musicals* wat op woordspel berus om, soos Ernst van Heerden dit sê, blitssnel die swaartepunt te verstel.

Die bundel is duidelik op die gewilde mark gerig – indien daar so 'n mark van poësielesers bestaan! Dit is nie gedigte wat swaar dra aan literêre verdienste nie, maar gedigte wat onmiddellik en dikwels met die eerste lees plesier verskaf. Sommige gedigte neig selfs na die volkskuns.

Die titel, *Hanekraai*, word reeds in die motto en in die openingsgedig verantwoord: dit speel in op die oorgang van nag na dag – soms ook metafories op die digambag van toepassing gemaak: die eerste lig, soos die gedig "met hanekraai / ontstaan, skitter kortstondig". Hierdie reëls verklaar die modus operandi van die digter en die aard van die digbundel wat spesifiek werk met "ligflitse" wat kortstondig en dikwels in kort gedigte, flikker. Hanekraai is ook die tradisionele manier waarop slapers wakker gemaak word. Ook dié betekenisonderskeiding is by uitnemendheid op die digambag van toepassing: Hugo se gedigte ruk dikwels die leser tot nuwe insigte en werp nuwe lig op geykte sieninge van die werklikheid. In sommige van die gedigte aan die begin van die bundel word die haan metafoor vir die dier as sodanig en die verhouding tussen mens en dier. *Hanekraai* is dus duidelik 'n ambivalente titel wat verskillende letterlike en figuurlike betekenisonderskeidings genereer.

Temas soos die verhouding tussen die mens en die dier, die mens se reaksie op die natuur, kunsbeskoulike gedigte, menseverhoudings, ironiese besinnings oor geloof en 'n hand vol liefdesgedigte kom aan bod.

'n Groot aantal gedigte in die bundel is, soos ons dit reeds van Hugo gewoond is, baie kort gedigte wat eintlik slegs om 'n woordspeling wentel. Verder dra Hugo se gebruik van ironie en sy meesterlike uitbuiting van die dubbelsinnige woord by tot 'n aangename leeservaring. Hierdie bundel is beslis van sy sterkste, rypste en keurigste werk ooit.

# President Jacob Zuma: 'n analise van die goeie en slegte aspekte van sy leierskap

Pieter Heydenrych

Vakgroep: Politieke Studie

(Skool vir Sosiale en Owerheidstudie, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

**B**y die oorweging van 'n analise van die goeie en slegte aspekte van die leierskap van 'n staatspresident kan 'n verskeidenheid sake ter sprake kom en 'n verskeidenheid benaderings kan gevolg word. Maar die sinsnede "goeie en slegte aspekte" bied ons reeds 'n leidraad dat ons hier te make het met 'n waarde-gedrewe analise. Watter waardes is hier ter sprake?

## Die Presidentsamp en onderliggende waardes

Die President as staatshoof is onderworpe aan die waardes wat die Suid-Afrikaanse Grondwet daarstel. Die President word pertinent hiertoe geroep wanneer hy die ampseed of plegtige verklaring aflê. Daar is etlike aspekte van die ampseed, soos in Bylaag 2 van die 1996-Grondwet vervat, wat vir hierdie bespreking van belang is. In die eerste plek verklaar die President sy besef van die hoë roeping wat hy aanvaar. Hy belooft dan ook om die Grondwet te gehoorsaam, te eerbiedig, te onderhou en te handhaaf. Hierdie belofte hou ook 'n aktivisme in: hy moet daadwerklik sy belofte uitleef. Dit word bevestig en ondersteun deur wat hy verder belooft:

- dat hy dit wat tot die voordeel van die Republiek is sal bevorder en wat dit skaad sal afweer;
- die regte van alle Suid-Afrikaners sal beskerm en bevorder;
- sy pligte met al sy kragte en talente na sy beste kennis en vermoë en getrou aan die stem van sy gewete sal verrig;
- aan almal reg sal laat geskied, en
- hom aan die welsyn van die Republiek en al sy mense sal wy.

Hierdie belofte kan dan ook in die vorm van 'n eed tot God gebid word.

Die prinsipiële vertrekpunt vir die President is dus 'n diepgaande en ernstige besef wat geanker is in sy gewete en wat ook selfs 'n geloofsaak kan wees.

Hierdie belofte moet uiting vind in die waardes wat die Grondwet daarstel. Artikel 1 van die Grondwet artikuleer hierdie waardes baie duidelik:

- menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede;
- nie-rassigheid en nie-seksisme;
- die oppergesag van die grondwet en die heerskappy van die reg;
- algemene stemreg vir volwassenes,
- 'n nasionale gemeenskaplike kieserslys,
- gereelde verkiesings en 'n veelparty-stelsel van demokratiese regering,
- om verantwoordingspligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid, en openheid te verseker.

**Dit is die President se taak is om die regte van Suid-Afrikaners te bevorder en aan almal reg te laat geskied ter wille van almal se welsyn.**

Wanneer ons dus die inhoud van die ampseed van die President, asook die gemelde grondwetlike waardes in verband met mekaar bring, kan ons sê dat dit die President se taak is om die regte van Suid-Afrikaners te bevorder en aan almal reg te laat geskied ter wille van almal se

welsyn binne die regstaatlike en demokratiese konteks wat die grondwetlike waardes daarstel. Dit is natuurlik 'n reuse-taak vir enige mens.

Wat die gewigtige Presidentsamp, soos hierbo aangedui, verswaar, is die werklikhede van die politieke omgewing. Dit is die omgewing waarin politieke partye hulle ideologieë bevorder in 'n konteks van magsoeke en konflik. Uit 'n Christelike perspektief waar sommige die politiek as 'n "vuil" spel beskou, sou mens ook kon argumenteer dat die politiek wel vuil is as die mens dit in sy hoogmoed tot sy eie voordeel aanwend waarin hy die geleentheid wat God hom gee, misbruik en in plaas van ootmoedig saam met God te wandel, sy eie ambisies en magsoeke daarin uitlewe. Die samelewing, gekenmerk deur sosiale en ekonomiese problematiek, die speelveld (of selfs slagoffer) waarbinne hierdie magsoeke en konflik afspeel. Dit is hierdie besmette en wêreldse omgewing waarbinne die President sy amp gestand moet doen, maar waardeur hy ook besmet is as politikus. Die President bevind hom dus in die onbenedenswaardige posisie as partypolitikus en as staatshoof verbind tot 'n belofte van besondere en ootmoedige leierskap.

**Die punt kan dus gemaak word dat 'n onaantasbare presidensiële leierskap eintlik menslik gesproke onmoontlik is**

Die punt kan dus gemaak word dat 'n onaantasbare presidensiële leierskap eintlik menslik gesproke onmoontlik is. Daar sal sake wees waarin die President leierskap positief vergestalt, maar daar sal beslis ook sake wees waarin die President se leierskap faal.

Met bogenoemde as agtergrond, kan die presidensiële leierskap van President Zuma van nader beskou word.

### Jacob Zuma as President

Met die aanvaarding van sy amp as President, het President Zuma se termyn begin teen die agtergrond van 'n interne leierskapskrisis en-stryd in die regerende African National Congress (ANC). Hierdie stryd was minstens gefokus op die voormalige President Thabo Mbeki en ook breër gesien binne ideologiese konteks. President Mbeki is allerweë beskou as verwyderd van die burgery, maar ook die ideologiese stroming wat hy verteenwoordig het is beskou as uit pas met die behoeftes van die mense, synde dat die beleidsbenaderings gedurende sy termyn as President beweeg het binne 'n sogenaamde neo-liberale konteks terwyl die sosiaal-ekonomiese behoeftes van die mense (en miskien veral die werkers) nie ten volle hierbinne verreken is nie.

In teenstelling tot Mbeki, het Zuma die presidentsamp opgeneem as 'n persoon met die reputasie dat hy 'n effektiewe onderhandelaar en vaardige strateeg is. Daarmee saam is geargumenteer dat Zuma tuis is tussen gewone Suid-Afrikaners wat voel dat hy een van hulle is. Ook is gemeen dat Zuma die verwydering tussen hom en Mbeki op 'n vaardige wyse geëksploiteer het om homself as 'n nederige, armes-gesinde, inklusiewe persoon voor te stel wat omgee en minder sensitief is vir kritiek. In hierdie verband is die houding of posisionering wat Zuma ingeneem het, meer positief ervaar teenoor sake soos veiligheid en sekuriteit, sosiale ontwikkeling, ekonomiese ontwikkeling en internasionale verhoudinge. Teen hierdie agtergrond kan ook geargumenteer word dat 'n suksesvolle Zuma-presidentskap gevolg moet gee aan die volgende merkers:

- 'n verbintenis tot deelnemende demokrasie gebaseer op openheid en deursigtigheid;
- 'n vermoë om die nasiebouprojek binne die konteks van demokratiese konsolidasie te bevorder;
- die vermoë om 'n volhoubare verhouding met die breër samelewing te ontwikkel;

- om 'n groeiende ekonomie met 'n gebalanseerde uitkoms in terme van sosiale ontwikkeling en markkragte te lei;
- eerlike, opregte en beginselvaste leierskap;
- die vermoë om die saak van Suid-Afrika op die internasionale terrein voorop te stel;
- om die mense eerste te stel met oorweging aan deernisvolle regering;
- om nie te wil bestuur nie, maar te lei; en
- om leierskap voortdurend te konstrueer.

### Kort oorsig van positiewe en negatiewe aspekte

Wanneer bogenoemde merkers oorweeg word, kan ons vra wat word positief en wat word negatief ervaar? Wanneer aan deelnemende demokrasie gedink word, is die fokus van die regering voortdurend op die verdieping van demokrasie deur groter deelname. Dit word bevestig deur die strategiese posisionering van hierdie saak binne die nasionale regering, asook binne die regerende party. Die negatiewe hiervan is dat die gemeenskaplikheid tussen die regering en die mense steeds gespanne bly, soos byvoorbeeld blyk uit voortdurende (en toenemende) gemeenskapsprotes op die plaaslike vlak. Die President en sy regering (waardeur sy leierskap geaktualiseer moet word) faal dus om die beginsel van deelnemende demokrasie op diepgaande vlak te aktualiseer.

Die President verwys dikwels na nasionale eenheid. Die beginsel word dus gehandhaaf. In werklikheid is die indruk egter dat Suid-Afrika tans in 'n periode is waar die glans van nasionale eenheid verdof het soos minderheidsgroepe hulle toenemend onttrek uit die openbare lewe en ook politiek konserwatiewer voorkom. Hierdie neiging staan in kontras tot die progressiewe druk vanuit die gelede van die meerderheid.

'n Volhoubare verhouding in die breër samelewing blyk ook deel van die President se werkswyse te wees. Skakeling met groepe in die samelewing, soos vak-

bonde, politieke partye, gemeenskappe, minderheidsgroepe en kerkgroepe ener syds, en 'n gemeenskapsfokus andersyds, is deel van dié werkswyse. Maar teen die agtergrond van gebrekkige eenheid is hier ook nie sprake van onomwonde sukses nie.

Op ekonomiese vlak gaan die land gebuk onder die gevolge van wêreldwye ekonomiese probleme, maar die verbintenis tot werkskepping (soos die President dit herhaaldelik stel), uitbreiding van infrastruktuur, ensovoorts. dui op die belang van welsynskepping vir die burgers van die staat.

Eerlike, opregte en beginselvaste leierskap is wel sigbaar. Etlike gevalle kan genoem word waar die President in hierdie verband optree, soos die heropening van die ondersoek na die sogenaamde wapenskandaal, die afdank van ministers en senior amptenare (soos die nasionale polisiekommissaris) wat deur beweerde korrupsie gekompromitteer is, die ferm optrede deur die regerende party teen weerbarstige lede en die skorsing van korrupte amptenare. Op 'n ander vlak verteenwoordig die breër program van die regering ook 'n verbintenis tot die beginsels van armoedeverligting, nie-rassigheid, nie-seksisme en dies meer – waardes waarna hierbo verwys is.

Internasionaal het die Zuma-regering ook volgehou met sy poging om Suid-Afrika se belange voorop te stel deur inskakeling by die BRICS-groep, Suid-Afrika se posisie ten opsigte van sake soos die val van die vorige Libiese regering en Suid-Afrika se posisie in die Verenigde Nasies. Weereens is die aktualisering van hierdie saak egter nie noodwendig 'n onomwonde sukses nie.

**Dit wil voorkom of daar  
steeds 'n tegnokratiese  
benadering deur heelwat  
komponente van die regering  
gevolg word.**

Dit wil voorkom of die regering se posisionering ten opsigte van die gemeenskap en die gemeenskap se behoeftes sentraal staan tot Zuma se presidentskap, maar die gebrekkige dienslewering en selfs selfverryking deur amptenare weerspreek hierdie beginsel.

Die laaste saak het te make met die President se leierskap self. Alhoewel dit nie lyk asof die President 'n mikrobestuurder is nie, is dit betwyfelbaar of die President se leierskap sigself voortdurend nuut skep. Dit wil voorkom of daar steeds 'n tegnokratiese benadering deur heelwat komponente van die regering gevolg word en dat pogings om die beleidsrigtings van die Zuma regering ten uitvoer te bring, selfs sekere komponente van die regering in 'n mate lamgelê het.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die Zuma presidentskap in beginsel streef na die voldoening aan die vereistes van die presidentsamp en die uitleef van grondwetlike waardes en dat dit as positief ervaar kan word. Die aktualisering hiervan is egter middelmatig met suksesverhale, maar ook met terneerdrukkende tekortkominge. Hieraan is ook die partypolitieke omgewing en regeringsmasjinerie aandadig. Dit sou dus waarskynlik onmoontlik wees om 'n definitiewe beoordeling van die positiewe en negatiewe aspekte van die President se leierskap te maak. Soos vroeër gestel is, blyk dit dat onaantasbare presidensiële leierskap eintlik menslik gesproke onmoontlik is.

Bredenhann, Douwleen. 2010. **'n Hemelhoë Hekkie**. Kaapstad:Tafelberg. 176 p.  
ISBN: 9780624048244

**Resensent:** Meinhard Peters,  
Sentrum vir Beroepsontwikkeling, Pretoria.

Hierdie boek het my geheel en al verras. In plaas van die tranerige of melodramatiese aanbieding van die grusame besonderhede rondom die moord op haar eie kind, die verlies en die rouproses daarna, word die leser uitgenooi tot 'n volwasse meeleving in die skrywer se allerpersoonlikste leed. Op 'n ernstige noot word daar vertel en bespreek en vrae gestel. Hoe beleef 'n moeder, en 'n gesin so 'n skokkende gebeurtenis soos die argelose moord op 'n kind deur iemand wat hulle geken het; en wat doen hulle dan met emosies wat losraak? Waar kry jy enigsins ondersteuning vandaan en hoe beleef jy ander mense se optrede in sulke omstandighede?

Die skrywer hanteer hierdie byna onmoontlike taak deur enersyds gewoon te vertel wat gebeur het, en andersyds saaklike kommentaar te lewer daarop. Op haar manier probeer sy eerlike antwoorde vind op teisterende vrae. Sy bied haar beskouings en ervarings nie uit die hoogte aan nie, maar in 'n volwasse mens-tot-mens gesprek. Op hierdie manier staan die leser nie maklik los van dit wat gebeur het in die gesin nie.

Die kort herinneringe aan haar negejarige dogtertjie se lewe saam met die gesin stel die slagoffertjie se persoonlikheid so helder voor oë dat sy deur die hele boek byna 'n soet teenwoordigheid bly. Dit stel die leser oop vir die hantering van dieper vrae rondom skuld en rou en vergiffenis. Die geestelike dimensie van die gebeure word op 'n eerbiedige en steeds natuurlike wyse aangesny.

Die aanbieding van hierdie ware verhaal is uniek. Die taal is sober en duidelik. Die leser word ingetrek deur die eerlikheid en die volwassenheid van die skrywer. 'n Mens kan nie anders as om die boek as 'n treffer te beskryf nie – veral as 'n eerste publikasie. Op 'n manier het die boek my laat dink aan CS Lewis se bekende werkie, *A Grief Observed*.

Miskien sal die tema baie lesers afskrik; maar as daar rondom ons gekyk word na geweld teen kinders in ons Suid-Afrikaanse sameleving, die voorkoms van jeugmisdaad, en so meer, word die aktualiteit van hierdie verhaal duidelik.

## “Die bosoerlog”: Hoe word dit vandag onthou?

Prof André Wessels,  
(Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)

### Ter inleiding

**V**anaf 1966 tot 1989 het 'n omvangryke militêre stryd in die noorde van Suidwes-Afrika (SWA; vandag Namibië) gewoed, 'n stryd wat met verloop van tyd ook na Angola oorgespoel het en met die burgeroorlog wat sedert 1975 in laasgenoemde land aan die gang was, verstrengel geraak het. Die eerste kontak het op 26 Augustus 1966 te Ongulumbashe plaasgevind toe guerrillas van die South-West African People's Organisation (SWAPO) met Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte gebots het. Aanvanklik was die Suid-Afrikaanse Polisie (met die steun van helikopters van die Suid-Afrikaanse Lugmag) in staat om SWAPO se militêre operasies te beperk, maar toe die stryd in felheid toegeneem het, het die destydse Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) in 1973 beheer van die teeninsurgensie-operasies oorgeneem.

In 1975 het Angola onafhanklik geword, maar 'n burgeroorlog het tussen die pro-kommunistiese regerende Movimento Popular de Libertação de Angola (MPLA) en die pro-Westerse opponerende União Nacional para a Independência Total de Angola (UNITA) en Frente Nacional de Libertação de Angola (FNLA) uitgebreek. Ten einde laasgenoemde twee organisasies te ondersteun, het die SAW Angola in 1975-1976 binnegeval (Operasie Savannah) en tot naby Luanda gevorder. Uiteindelik moes hulle egter as gevolg van politieke druk onttrek. Met 'n simpatieke regering aan bewind in Angola, kon SWAPO Suidwes-Afrika voortaan op veel groter skaal in filtreer.

Van tyd tot tyd het die SAW vergeldings- en/of hakkejagoperasies in Angola geloods. Enkele voorbeelde is die aanval op Cassinga in 1978 (Operasie Reindeer),

en later ook operasies soos Protea (1981), Super (1982) en Askari (1983-1984). Die MPLA het toenemende steun van Kuba, asook van Oos-Europese Sowjet-satellietstate, ontvang, en in 1987-1988 was die SAW vir alle praktiese doeleindes in 'n konvensionele oorlog in Angola betrokke. Intussen het politieke onderhandelinge begin plaasvind en uiteindelik, op 20 Junie 1989, het die laaste operasionele Suid-Afrikaanse soldate SWA/Namibië verlaat. Op 21 Maart 1990 het Namibië onafhanklik geword, maar die burgeroorlog in Angola het nog tot 2002 voortgewoed.

**Die afgelope ongeveer tien jaar het 'n magdom publikasies oor die oorlogsjare (1966-1989) die lig gesien - te veel om almal op te noem.**

### Neerslag in die historiografie

Teen die agtergrond van die dramatiese politieke veranderinge in Suid-Afrika in die jare 1990 tot 1994 (en verder) het daar aanvanklik nie veel werke oor die “Grensoorlog” verskyn nie. Weliswaar was daar in 1989 die SAW se “amptelike geskiedenis” deur FJ du T Spies oor *Operasie Savannah: Angola 1975-1976*, en in 1990 Helmoed-Römer Heitman se *War in Angola: the final South African phase*. Vroeër was daar ook reeds Willem Steenkamp se *Borderstrike! South Africa into Angola 1975-1980* (1983), opgevolg deur sy *South Africa's Border War 1966-1989* (1989; ook in Afrikaans vertaal).

Maar die afgelope ongeveer tien jaar het 'n magdom publikasies oor die oorlogsjare (1966-1989) die lig gesien - te veel om almal op te noem. Talle akademiese

artikels oor die “Grensoorlog” het in twee spesiale uitgawes van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis/Journal for Contemporary History* (volume 31, nommer 3, Desember 2006 en volume 34, nommer 1, Februarie 2009) verskyn.

Dan is daar die geskiedenis van spesifieke eenhede of magte, byvoorbeeld Paul Els se *We fear naught but God: the story of the South African special forces “The recces”* (2000, plus latere uitgawes), Jim Hooper se *Koevoet! Experiencing South Africa’s deadly Bush War* (1989), Dick Lord se *From fledgling to eagle: the South African Air Force during the Border War* (2008), Louis Bothma se *Die buffel struikel: ’n storie van 32 Bataljon en sy mense* (2006, met talle herdrukke en uitgawes; ook in Engels vertaal), en Jan Breytenbach se *The buffalo soldiers: the story of South Africa’s 32 Battalion 1975-1933* (2002).

Daar is ook “oorlogsherinneringe” wat deel vorm van die outobiografieë van militêre leiers. Twee voorbeelde is Jannie Geldenhuys se *Die wat wen: ’n generaal se storie uit ’n era van oorlog en vrede* (1993; plus latere uitgawes en ’n Engelse vertaling), en Magnus Malan se *My lewe saam met die SA Weermag* (2006; ook in Engels vertaal). En dan is daar die vertellings van nasionale dienspligtiges, soos byvoorbeeld vervat in Cameron Blake se *From call-up to camps* (2009, ook in Afrikaans vertaal), Peter Chapman se *A cook’s tour of duty* (2006), Anthony Feinstein se *Battle scarred: hidden costs of the Border War* (2011; ook in Afrikaans vertaal), Gary Green se *Stand at ease: a reluctant conscript’s tale of military madness and mayhem* (c. 2009), en Granger Korff se *19 with a bullet: a South African paratrooper in Angola* (2009). Die oorlog het ook al in publikasies in ander tale neerslag gevind. So is daar byvoorbeeld MR Cabrera *et al.* se *La guerra de Angola* (1989) en Krzysztof Kubiak se *Wojna graniczna w Angoli 1975-1989* (2010), asook die Russiese werke van Gennady Shubin, Andrei Tokarev en andere (met enkele vertalings).

## Hoe word daar onthou?

Die titels van sommige van die boeke waarna hierbo verwys is, weerspieël reeds iets van die onderskeie outeurs se siening van die oorlog – iets waarop daar uiteraard in die inhoud van die publikasies uitgebrei word. Hoewel die “Grensoorlog” reeds meer as twee dekades gelede geëindig het, woed dit steeds voort in die hart en psige van die mense wat direk of indirek daarby betrokke was, en baie mense raak steeds emosioneel wanneer hulle daaroor dink, praat of skryf. Hou in gedagte dat derduisende mense deur die oorlog getraumatiseer is – ook aan die “tuisfront” – en dat daar selfs jare na afloop van die stryd steeds letsels, pyn en woede is.

**Geeneen van die  
“oorlogsveterane” is vandag  
jonger as veertig nie. Hoe  
dink hulle terug aan hul  
oorlogservarings?**

Baie mense ervaar uiteenlopende en teenstrydige gevoelens oor die “Bosoorlog”. Op stuk van sake moet onthou word dat, afgesien van die staandemagde van die SAW, meer as 500 000 jong blanke mans ten minste nege maande (maar meestal twee jaar) verpligte militêre opleiding as nasionale dienspligtiges ondergaan het. Baie van hulle is in dié tyd operasioneel aangewend en moes later ook nog militêre kampe bywoon. Bloedjong mense was verplig om in ongewone tye buitengewone (en soms vreeslike) dinge te doen en/of te ervaar.

Maar die tyd stap aan. Geeneen van die “oorlogsveterane” is vandag jonger as veertig nie. Hoe dink hulle terug aan hul oorlogservarings? Hoe beskou en onthou hulle die gebeure? En hul geliefdes? En die ander landsburgers wat nie by die oorlog betrokke was nie?

Uiteraard moet daar onderskei word tussen blanke Suid-Afrikaners se beleving van en herinneringe aan die gebeure van 1966 tot 1989, en dié van die ander lede



van die Suid-Afrikaanse samelewing. Tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in blanke geleedere was daar ook in 'n groot mate 'n verdelingslyn in hierdie verband. Verder moet die ervaringe en herinneringe van die bewoners van Namibië en Angola ook in berekening gebring word, asook die van die Kubaanse, Oos-Europese en ander oorlogsveterane.

Sonder om enigsins op volledigheid aanspraak te maak, word slegs enkele moontlikhede genoem (met sommige van die moontlikhede wat oorvleuel of onderskeibaar maar nie skeibaar is nie):

- Vir sommige was en is dit 'n heroïese stryd – hetsy 'n stryd teen kommunisme, of teen die Weste, of teen apartheid (of in belang van apartheid, die Weste of kommunisme).
- Vir sommige was en is dit 'n vryheidstryd – om onafhanklikheid te bekom, of om die vryheid wat jy reeds gehad het, te behou.
- Vir sommige was dit 'n avontuur – maar dan moes jy (relatief) ongeskonde daaruit gekom het.
- Vir sommige was dit (en is dit dalk steeds) 'n lewensveranderende traumatiese ervaring – iets waarmee jy vir jare bly worstel het, of steeds mee worstel. Dink maar net aan diegene, aan alle kante, wat geliefdes aan die dood afgestaan het.
- Vir sommige was dit 'n geval van 'n verantwoordelikheid wat nagekom moes word – jy is opgeroep, jy het jou diensplig gedoen, jy het gaan veg, en nou is dit verby. Jy het jou plig nagekom. Ander het dit weer as hul verantwoordelikheid/plig beskou om diensplig te ontduik, om dalk selfs die land te verlaat en/of om by die End Conscription Campaign aan te sluit.

- En dan is daar diegene wat nie kan of wil onthou nie – of so sê sommige van hulle...

### Enkele slotperspektiewe

Die manier waarop daar na die oorlog van 1966 tot 1989 verwys word, sê iets van die wyse waarop dié stryd in herinnering geroep word en van die perspektief waaruit gepraat word: die Bosoorlog (daar ver in die “oerwoud”), die Grensoorlog (wat die nege Oos-Kaapse grensoorloë in herinnering kan roep), of die Namibiese Vryheidsoorlog, Angolese Oorlog, of (Groot) Suid-Afrikaanse Oorlog (wat dit koppel aan die onafhanklikheidstryd in Zimbabwe en in Mosambiek en die afloop daarvan).

Hoe dit ook al sy, die stryd wat ten minste vanaf 1966 tot 1989 in Namibië en in Angola gewoed het, was 'n tragiese episode in die geskiedenis van Suidelike Afrika. Dit beteken nie dat daar nie individue (aan alle kante) was wat hul onderskei het nie, maar baie mense het gesterf en nog meer is getraumatiseer. By baie mense is daar die behoefte om oor die verlede te praat, om gehoor te word, om te weet wat presies gebeur het (byvoorbeeld met 'n geliefde wat gesterf het), om sin te probeer maak van die verlede, om afsluiting te probeer kry. Daarom moet daar, op die grondslag van verantwoordbare historiografie, aan alle partye 'n stem gegee en na almal geluister word. Onbevooroordeeld. Ons word almal opgeroep om rekenskap te gee van ons eie én ons gedeelde verlede. En ons moet onthou dat geskiedenis inderdaad 'n diskussie sonder einde is. Hierdie debat moet dus gestimuleer en op genuanseerde wyse gevoer word. En dit moet nie vir persoonlike, politieke of ideologiese redes misbruik word nie.

Diegene met kopwonde wat maar nie wil genees nie, moet ondersteun word. En diegene wat die hoogste prys betaal het, moet met respek onthou word – ongeag aan watter kant hulle geveg het.

# Die volkslied: Ons kan en moet dit omarm

Prof. S.A. (Nols) Swanepoel  
(Emeritus Professor in Afrika tale, PU vir CHO)

## Inleiding

**O**ns in Suid Afrika is tans, na soveel jare nog, besig om ons verdeelde verlede agter ons te plaas en uit te reik na 'n toekoms van saambestaan op alle vlakke van die samelewing. Dit is prosesse wat al sedert 1994 aan die gang is en soms word daar gevoel dat daar te lank getalm word en nie by eindpunte uitgekom word nie. Die veronderstelde mikpunte wat ons as nuwe volk moes bereik het, behaal ons nie op alle vlakke nie. Dit is dan nie snaaks dat daar in die jongste tyd weer oproepe van nasiebou aan die orde van die dag is nie.

So is dit ook met die Volkslied die geval. Spottenderwys en soms met verkleinering word daar in sekere kringe daarna verwys dat dit begin met: Oom Kosie sukkel of woon in Afrika of oom Kosie is besig met sy sekel in Afrika. Soms word ook daarna verwys dat dit die bobbejane is wat antwoord gee. Dit is duidelik dat daar in sulke gevalle nie die nodige respek vir die volkslied betoon word nie.

**Omdat die lied saamgestel is uit 'n aantal tale, verstaan almal dit nie. En die nodige respek word ook nie altyd betoon nie.**

Omdat die lied saamgestel is uit 'n aantal tale, verstaan almal dit nie. As jy mooi oplet en lippees tydens samesang by sportgebeure en nasionale funksies, kom jy gou agter dat daar by sommige versreëls bloot beweging van lippe is wat niks sê nie.

Kinders op skool sing wel die lied, maar verstaan ook nie altyd die betekenis van die woorde nie. My kleinseun is vier jaar oud en sing by die kleuterskool die regte wysie met sinnelose klanknaboetsings. Hy is nog klein, sing tog wel en betoon die nodige respek, maar verkeer in totale duisternis oor die betekenis van wat hy sing. Daar is egter ook diegene wat dit omarm het en dit hulle eie gemaak het. Hulle moet en kan met ywer nagevolg word, indien ons êrens wil kom.

Nietemin moet die lied nie net by spesiale, nasionale en internasionale geleenthede gesing word nie. Dit moet deur almal met trots gesing, geneurie en in gedagte geroep kan word. Ons moet dit kan omarm en met trots ons eie maak. Met die oog daarop gaan ek probeer om die lied nader te verklaar en te omskryf. Dit is wel moontlik om trots te wees op die lied, want dit is juis 'n lied wat saamgestel is vir die verskillende taal- en kultuurgroepe in ons land. By implikasie akkommodeer dit ons almal se geskiedenis, ons geleefde verlede, ons versugtinge en hartsbegeertes.

**Dit is wel moontlik om trots te wees op die lied, want dit is juis 'n lied wat saamgestel is vir die verskillende taal- en kultuurgroepe in ons land.**

## Die herkoms van die volkslied

Die volkslied verteenwoordig die hoofstrome van die verskillende kulture van die RSA. Dit is inderdaad gepas dat die

verskillende liedere waarmee mense hulle voor die eenwording vereenselwig het, in die nuwe volkslied opgeneem sou word. Hiermee is daar erkenning gegee aan die verskillende bydraes wat van die onderskeie kultuurgroepe gekom het. Uit IsiXhosa het die lied Nkosi sikelela iAfrika gekom. Dit is in 1897 gekomponeer deur Enoch Sontonga 'n Metodiste onderwyser. Later is dit nog met 'n aantal verse uitgebrei deur Samuel Mqhayi. Dit het gou 'n baie gewilde lied geword en is graag gesing. Dit het die gevoel van ons swart mede-Suid-Afrikaners aangegryp en hulle tot groot hoogtes aangespoor. Die Sesotho weergawe van die volkslied is in 1942 deur Moses Mphahlele geskryf. Dit het dieselfde melodie van Enoch Sontonga se lied gevolg. So het die twee weergawes 'n tuiste gebied vir die sprekers van alle Nguni- en Sothotale. Alhoewel daar nie dele van die kleinere groepe se tale ingesluit is nie, het hulle die Afrikatale-gedeelte volmondig aanvaar.

Uit Afrikaans en Engels het Die Stem van Suid Afrika gekom. Dit is in 1918 deur C J Langenhoven geskryf. Ds. M L de Villiers het die melodie daarvan in 1921 gekomponeer. Op sy beurt was dit weer 'n lied wat patriotiese gevoelens by die destydse blanke Afrikaans- en Engels-sprekendes ontlok het. Die Engelse weergawe is in 1952 aanvaar. Hierdie lied is in 1957 deur die destydse Nasionale Party-regering as amptelike volkslied ingestel. Dit was egter ook 'n lied wat sommige mense en groepe laat voel het dat hulle uitgesluit was. Dit was 'n lied vir die ou Suid-Afrika.

Met die koms van die nuwe Suid-Afrika is daar 'n soeke op tou gesit vir nuwe simbole en ook 'n volkslied. Waar sou dit anders vandaan kom as uit dit wat op die tafel was en reeds in die harte van mense bestaan en geleef het? So het ons 'n nuwe saamgestelde volkslied gekry, saamgestel uit die liedere wat bestaan het. Die lied het dan ook twee melodieë. Die eerste twee verse volg die melodie van Nkosi Sikela iAfrika en die twee daaropvolgende verse volg die melodie van Die Stem van Suid-Afrika. Dit vul mekaar op 'n besondere wyse aan. Die nuwe volkslied is ook 'n lied wat lekker sing en as ons begryp wat dit

vir ons wil sê, sal dit naby aan ons harte kom lê.

Die eerste vier strofes is uit die Nguni-tale (IsiXhosa en IsiZulu) geneem met die daaropvolgende vier strofes uit Sesotho, wat dan ook Setswana en Sepedi verteenwoordig het. Dit is verder afgerond met vier strofes uit Afrikaans, gevolg deur die laaste vier strofes in Engels.

Voorwaar is dit 'n lied wat van sy ontstaan af wyd verteenwoordiging gesoek het en juis dit probeer vaslê het. Ten spyte daarvan gaan daar soms nog steeds stemme op om aan 'n nuwe lied gestalte te gee. Sou dit gebeur, kan dit dalk meebring dat die historiese feite wat met die lied gepaard gaan, in vergetelheid verval en dat die lied die samebindende karakter wat dit tans het, verloor. Dit sal jammer wees, want daar het al aanvaarding en trots gegroei in die jare wat verby is.

**So het ons 'n nuwe saamgestelde volkslied gekry, saamgestel uit die liedere wat bestaan het, en dit vul mekaar op 'n besondere wyse aan.**

### Die volkslied self

Daar sal in hierdie gedeelte veral gelet word op die inhoud, beeldspraak en klankgebruik wat in die verskillende verse vervat is.

### Inhoud

Die lied begin deur die verbondenheid met Afrika sterk voorop te stel. Dit word aangebied in die vorm van 'n gebed. Die Here moet almal in Afrika seën. So word daar 'n sterk band van solidariteit met Afrika uitgebou. Dit is immers die kontinent waaraan ons almal verbonde is.

In die daaropvolgende gedeelte word die gebed voortgesit en word dit afgewentel tot dinge hier plaaslik by die huis. Hier gaan dit oor ons land Suid-Afrika en word

daar 'n versugting uitgespreek dat alle stryde tog einde sal kry. So word die plaaslike dilemmas duidelik uitgewys en aangespreek.

In die Afrikaanse gedeelte word die natuurskoon van die land uitgewys. Hiermee word klem gelê op die natuurskoon van ons as land. Die land met sy hemelruim, see, vlaktes en berge word in hulle grootsheid opgeroep.

Die Engelse gedeelte sluit dan as saambindende strofe af met die wens en versoek dat ons een moet wees en saamstaan vir ons land. Voorwaar, as daar na die inhoud gekyk word, kan ons sê:

Dit verbind ons met Afrika.  
Dit roep ons op tot verdraagsaamheid.  
Dit laat ons uitjubel oor ons land se skoonheid en natuur.  
Dit hou vir ons 'n strewe tot eenheid voor.

### Beeldspraak

Die beeldspraak vervat in die lied maak dit moeilik om dit werklik na waarde te skat. Moeilik ook vir oningelighes om dit te verstaan en te vertolk. Verklaring van die beeldspraak behoort by te dra tot kulturele insig en ontsluiting van dieper waarhede en trots op die lied. Deur middel van die beeldspraak spreek die lied meerduidelik tot 'n mens.

Ons moet **die horing / uphondo** van ons land hoog oplig. Dit is ons vryheid en ons alles waarop ons trots moet wees. Ons moet dit hoog hou. Ja, selfs wys met ons arm hoe die horing hoog na boontoe staan. Dit is 'n wese, 'n bees, wat in herinnering geroep word. Ja, 'n bees is:

Jou rykdom in Afrika:  
Jy boer en leef daarmee.  
Jy slag dit met begrafnisse.  
Jy offer daarmee.  
Jy koop jou vrou daarmee. Dit is jou lobola of bogadi.  
Jy word in 'n beesvel begrawe.  
Jy kan as arm mens dit in bruikleen ontvang.  
Jy moet goed daarna omsien.

Ons is **die beendere, are, senings en spiere / usapho** daarvan. Ons is direk verbind met Afrika as die afstammeling van hierdie kontinent.

Ons moet **bewaar word, begrawe word / boloka**. Dit sal lei tot ons behoud en bewaring. As jy iets begrawe, bêre / bewaar jy dit. Alle afstammeling is soveel werd dat hulle begrawe moet word.

Die **roepstem wat ons nader roep en aanspoor tot optrede** kom uit die persoonifikasie van die kranse wat antwoord gee. Dit roep ons op tot eenheid en samehorigheid. Ons moet waarlik saam staan en dit sal ons dan ook doen – “united we shall stand”.

Die beeldspraak is eenvoudig, maar as jy die essensie daarvan nie kan begryp nie, bly die boodskap wat dit vir jou moet bring, geslote en ver weg en kan jy dit nie omarm nie.

### Klanksamestellings en rym

Die woorde is goed gekies en laat die singbaarheid van die Afrikatale-gedeeltes maklik en esteties saamvloei. Opvallend is die lang, durende klanke en ook die stop-klanke of ploffers wat gebruik is. In die eerste vers word veral durende klanke: n, s, l, f en r gebruik. Dit word effektief afgewissel met die plofklank k wat dikwels herhaal word. Opvallend is ook die gebruik van ph, th, d, en z. Die durende klanke gee 'n gedrae karakter en die ploffers op hulle beurt 'n beslistheid aan die lied. Dieselfde tipe herhalings word in die tweede strofe aangetref. Uit die Afrikaanse gedeeltes is dit veral die ploffers b en d wat opvallend op die oor is.

Die eindrym wat in “stand en land” geleë is in die slotstrofe, bind die lied dan ook mooi saam en sluit dit af.

### Vertalings van ons Volkslied

Vervolgens gee ek die volkslied met slegs die Afrikaanse vertaling by die strofes uit Afrikatale. Daar sal 'n direkte vertaling gegee word van sommige strofes waar dit nodig is, gevolg deur 'n vrye of dinamiese

vertaling. Dit sal help dat die betekenis van sommige strofes beter verstaan word.

**Nguni gedeelte:**

Nkosi sikelel'iaFrika  
God seën Afrika

Maluphakanyiswe uphondo lwayo  
Mag dit hoog gehou word die horing  
daarvan  
Mag sy vryheid hoog gehou word

Yizwa imithandazo yethu  
Hoor die gebede van ons  
Luister na wat ons vra

Nkosi sikelela thina usapho lwayo  
God seën ons die beendere daarvan  
God seën ons die afstammeling daarvan

-----

**Sotho gedeelte:**

Morena boloka setshaba sa heso  
Here begrawe die volk van ons  
Here bewaar ons volk

O fedise dintwa le mathwenyeho  
Jy moet laat ophou die gevegte en die  
kwellings  
Laat ophou alle gevegte en probleme

O se boloke setshaba sa heeso  
Jy moet dit begrawe die nasie van ons  
Bewaar ons volk

O se boloke setshaba sa South Africa Jy  
moet dit begrawe die volk van Suid-Afrika  
Bewaar die volk van Suid-Afrika

-----

Afrikaanse en Engelse strofes volg dan.

**Afsluiting**

Ons Volkslied kan en moet omarm word. Dit is iets waarop ons almal trots kan wees. Die herkoms daarvan bevestig aan ons ons verlede. Dit verbind ons ook met ons kontinent. Ons kom voorwaar uit 'n gebroke situasie wat mooi deur die volkslied ondervang is en dit eindig met 'n oproep om saam te staan.

Daar moet egter toegesien word dat die betekenis van elke versreël in sy direkte vorm vir alle taalgroepe toeganklik gemaak word, asook 'n vrye en 'n dinamiese vertaling wat sal help dat alle taalgroepe dit verstaan. Indien almal die lied mooi verstaan, sal dit maklik omarm kan word en die nodige trots daarvoor uitgebou word.

Morena re boloke / Nkosi sisikelela /  
Here seën ons / God bless us

# What are the implications of AARTO

Mev. Rene Koraan

(Lektor in Regte van die Potchefstroomkampus van die NWU)

## The Administrative Adjudication of Road Traffic Offences (AARTO) Act 46 of 1998.

In a nutshell, AARTO is being introduced to improve law abiding and safer driving behaviour, in order to reduce road accidents. This system, also referred to as the demerit-points system, provides for the allocation of demerit points when a traffic infringement occurs. After the allocation of a certain amount of points, one's driving license is suspended. To test AARTO, a pilot phase was conducted. The pilot phase ran from July 2008 to April 2010 in Tshwane and Johannesburg. AARTO was set to be implemented nationwide from 1 April 2012, however this did not happen. Implementation of AARTO is yet to be announced by the Minister of Transport.

## Road Traffic Infringement Agency (RTIA)

The purpose of the RTIA is to support the adjudication process. It has been established as a juridical person accountable to the Minister. There must be one national office and sub offices may be established at provincial or municipal level. The RTIA Board is established to represent and control the agency.

## The adjudication process

The adjudication process explains what happens once a traffic rule has been violated. One should differentiate between traffic offences, minor infringements and major infringements.

Minor and major infringements are sanctioned by regular fines (e.g. for speeding, ignoring a traffic sign or breaking minor rules), while traffic offences are of a more serious nature.

**Penalties include prison sentences (effective or suspended), substantial fines or a combination of both.**

These include, for example, being a major hazard to other drivers by driving at extremely high speed. Penalties include prison sentences (effective or suspended), substantial fines or a combination of both.

## Infringement Notice

Currently, traffic officers still issue hand-written notices. However the plan is to do away with them by implementing the Traffic Officers' Pocket Computer (TOPC). The latter will be used by traffic officers at the roadside. When dealing with camera infringements the notice will appear electronically on the National Traffic Information System (eNaTIS) and will be served on the infringer via registered mail. The infringer will then have 32 days to react to the notice. He may elect to do one of the following:

- Pay the penalty and qualify for a 50% discount.
- Make an application to pay the penalty in installments, in which case one will not qualify for the 50% discount.
- Nominate a driver. This will be possible when one is the owner of a vehicle but not the driver who committed the

sanctioned infringement. One may then submit proof of the actual driver's identity (for example a legible copy of the person's identity document) as well as a residential and postal address and telephone numbers on which the nominated person can be contacted. The Infringement notice may then be cancelled and served upon the nominated driver.

- Make a representation. In other words state the reasons why one cannot or should not pay the penalty, or why the penalty should be reduced or revoked. (Only with regard to minor infringements)
- Go to court.

In the instance when one fails to respond within the given 32 days, a Courtesy Letter will be issued via registered mail.

### Courtesy Letter

The Courtesy Letter is a reminder of the Infringement Notice. One is liable for the cost of the letter. After the Courtesy Letter is issued one has the following options:

- Pay the penalty (but will not qualify for a 50% discount). The administration costs of the Courtesy Letter must be paid in addition to the fine.
- Make an application to pay the penalty in installments, (in which case one will still not qualify for the 50% discount). The administration costs of the Courtesy Letter must be paid in addition to the penalty.
- Make a representation.
- Go to court.

Failure to react within the 32 days will result in the issuing of an Enforcement Order.

**Until the penalty is paid no driving license or permit will be issued to the infringer.**

### Enforcement Order

This order will be sent via registered mail and demerit points will be allocated. The national Contravention Register (also on the eNaTIS) will be updated. One will have to pay the penalty and additional administration costs as well (including costs for the Enforcement Order). Failure to reply within 32 days will result in a Warrant of Execution being issued to recover the penalty and fees. Until the penalty is paid no driving license or permit will be issued to the infringer. At this stage the infringer can still have the Enforcement Order revoked by providing the court with good reasons.

### Warrant of Execution

The Warrant is served by the Sheriff of the Court and can have one or more of the following effects:

- Seizing and selling of one's movable property to defray the penalty, fees and cost.
- Seizing and cancelling of one's driving license and/or professional driving permit.
- Removing the license disc from the motor vehicle/s of which one is the owner.
- Seizing of the operator-card for the motor vehicle/s of which one is the registered operator.
- Immobilising such vehicle/s.
- Reporting the driver to a credit bureau.
- Recording the contravention/s in the National Contravention Register.

### Demerit Points

The demerit-points system has been introduced to penalise drivers and operators who are habitual offenders. However, it also rewards law-abiding road users as it reduces 1 point every 3 months (down to zero demerit points) if no contraventions occur.

## Menings en inligting / Opinions and information

Demerit points are recorded on the following occasions:

- When penalties and fees are paid.
- When one applies to pay in instalments.
- When one is convicted in court.
- When an Enforcement Order is issued.

All drivers are allowed to drive until they accumulate 12 demerit points. Every driver starts at 0 points. For every point exceeding the 12 points one gets 3 months of suspension of the driving licence. However, 1 point will be reduced after 3 months without contraventions. This means that even if one has 12 demerit-points, he or she can go back to 0 points after 3 years without contraventions. However, if a license is suspended for the third time it will be cancelled.

In the case of a learner's license, the demerit points will only be deducted once a license is issued. If the infringer has no driver's license, he or she will still have to pay the penalty. When an infringement occurs for the third time without possession of a driver's licence, the driver will be arrested.

In case of multiple infringements (for example ignoring a red-light robot whilst exceeding the speed limit) the demerit points will only apply to the infringement bearing the greatest number of points.

A few examples of infringements and penalties:

Charge	Points	Fine
Operated a vehicle without a B code driving licence issued to him or her, or of any document deemed to be a driving licence	4	R1250
Failed to stop motor vehicle at stop sign of traffic or customs official.	1	R500
Vehicle with no front or rear number plate affixed thereto	6	Go to Court (no fine)

**It remains to be seen whether or not AARTO will be successful and when it will be fully implemented.**

### **AARTO sooner or later?**

As the demerit-point system was not implemented, the pilot phase cannot be considered complete. As a consequence, the true effectiveness of AARTO could not be monitored. It remains to be seen whether or not AARTO will be successful and when it will be fully implemented.



## Filosofie en nut - Opmerkings oor die bruikbare denke

Mnr. Johan Schoeman  
(Filosoof, Roodepoort)

### Dink op die Afdraande

**O**nnadenkendheid het die reël geword. Duideliker gesê: dat Filosofie oral swaarkry, is nie te betwyfel nie. Dit gebeur nie net in die akademiese omgewing nie, maar ook daarbuite. Immers, kyk maar die tipiese reaksie as jy op 'n stadium besonderhede oor kwalifikasies moet verskaf en Filosofie duik iewers op: "Wat wil jy *daarmee* doen?" Die klem is reeds hier op "doen"; dus, 'n vraag na die gebruikswaarde daarvan. Dit is egter nie nuwe nuus nie. Daar was nog nooit veel plek vir die "sagte" wetenskappe, gesien deur die oë van sy woordvoerders, in die tegniese samelewing nie. Dit is 'n debat wat al vroeër in die geskiedenis hoogty gevier het, en nou weer in SA opduik in byvoorbeeld die ongebalanseerde en kortsigtige klem op wiskunde en wetenskap-onderwys. Ek het die vermoede dat die teologie ook nie noodwendig vandag hieraan ontsnap nie, maar ek het dit nou oor filosofiese bruikbaarheid, nie blatante onkunde nie.

**Daar was nog nooit veel plek vir die "sagte" wetenskappe, gesien deur die oë van sy woordvoerders, in die tegniese samelewing nie.**

In 'n sekere sin het die nuttigheidsteorieë van vroeër (empirisme, positivisme en utilitarisme) ons 'n rat voor die oë gedraai en langsaam, versigtig versteek en vermeng onder die vaandel van modernisme en selfs postmodernisme, sigself kom aanmeld vir ons aandag.

Versteek, want hulle het die taal van die

mensgerigte tegniek en tegnologie leer praat en bemeester. Hierdie taal keur die (noodsaaklike) verknegtheid van die totale mens aan die tegniek goed, deur op die nut, bruikbaarheid en onafwendbaarheid hiervan te wys, maar op so 'n manier dat die egaliserende menslikheid daarvan ook duidelik probeer wees. Daarom dat die debat rondom menswaardigheid en alles wat daaruit voortvloei die verhoog (letterlik in aktualiteitsprogramme afgewissel) vraagloos kan deel met 'n bydrae oor die groeiende omvang van die tegnologie in terme van die mens se gekoppeldheid aan netwerke. Sogenaamde gebruikervriendelike tegnologie word aangeprys sonder om na die werklike prys daarvan te vra (byvoorbeeld afnemende abstraksie en die gevolge daarvan), iets wat onder andere die taak is van die Filosofie. Sommige kommentators wat krities staan teenoor onbepaalde vertroue en uitbreiding van die tegnologie het 'n toets aangelê om die waarde van enige nuwe ontwikkeling te bepaal. Hulle vra: Wat is die probleem waarop hierdie ontwikkeling die antwoord is? Een prys van hierdie behepthed met die tegnologie is gewoonlik die inhoud van dit wat ons ken as die geesteswetenskappe. Die kritiese en afwysende ingesteldheid teenoor dit wat laasgenoemde as studie-objek het, word skokkend opgesom deur onder andere 'n Vlaamse bibliotekaris se standpunt oor die poësie enkele jare gelede: *'dit is onbegryplik, onnoukeurig, ontoeganklik en veral heeltemal oorbodig.'*

Daar is ook 'n ander wyse waarop die eis tot nut en bruikbaarheid verskyn, en hier is dit, so lyk dit, gekoppel met oorlewing, veral wat die geesteswetenskappe betref. Laasgenoemde moet ook ten alle koste en toenemend demonstratief-meetbaar wees

aan die maatstawwe van bruikbaarheid, veral as daar om befondsing meegeeding word. Ek is al deur vooraanstaande (geesteswetenskaplike) akademië spesifiek ingelig dat ek asseblief nou moet begin verstaan dat as iets nie gemeet kan word nie, dit waarskynlik so is dat dit nie bestaan nie. Enige besoek aan 'n universiteitskampus in SA se doserende departemente sal in 'n oogopslag duidelik maak waar die prioriteite lê as dit by die toeken van fondse kom.

**Filosofie is ook eintlik 'n ambag, weliswaar met ander gereedskap.**

Die departemente van 'Tegnologie en Tegnieke (of Afrigtingkunde)' se meublement alleen is gewoonlik bewys hiervan. As ons iemand soos Jacques Ellul as vroeë analitikus oor die rol van 'Tegniek' en 'tegnologie' dan, ten minste wat sommige aspekte betref, 'n profeet maak (en dit wil voorkom asof sy spook vlees en been geword het), dan is die onafwendbaarheid van ons huidige situasie ook waar vir die Filosofie en die ander geesteswetenskappe (vergelyk geesteswetenskaplik-relevante webuimtes), en moet gevra word wat ons nou te doen staan. Om nie eers te praat van iemand soos Paul Virilio as hy dink oor 'die Fout' en die 'katastrofe' en die rol van die tegniek hierin nie. Beskouinge hieroor is legio ('n onlangse artikel in die dagblad *Trouw* wys hoe Filosofie ook eintlik 'n ambag is, weliswaar met ander gereedskap), maar ek wil my hou by twee antwoorde van die Filosofie op die probleem van nut en bruikbaarheid (ander sluit o.a. in eksperimentele en toegepaste Filosofie). Hierdie antwoord omvat die benutting van bepaalde filosofiese vaardighede as 'n vorm van iets relevants en aktueel: filosofiese berading en Filosofie as grondslag vir bestuurskonsultasie en/of intervensie.

### **Filosofie, Berading of Filosofiese Berading**

Reeds met die totstandkoming van Gerd Achenbach se Filosofiese Beradings-

praktik in 1981 het daar een formele antwoord gekom op die aangeleentheid van Filosofie en bruikbaarheid as een verskyningsvorm (naas vele ander vandag) van wat seker ook 'Toegepaste Filosofie' is. Stelselmatig het daar in Europa (veral in Nederland), maar ook in Israel, filosofiese beradingspraktyke ontstaan wat nou reeds wêreldwyd uitgekring het. Filosofiese berading wil leemtes vul wat deur ander hulpwetenskappe gelaat word en huldig die standpunt dat nie alle probleme wat in die menslike gemoed en gedagte-wêreld opkom, noodwendig sielkundige of verwante ingrepe verg nie. Gewoon goeie, logiese besinning en stapsgewyse filosofiese ondersoek is in vele gevalle net so (en soms meer so) suksesvol as terapeutiese metodes, veral waar daar nie sprake is van werklike patologie nie. Die argument is verder dat sogenaamde "Groot Vrae", wat deel vorm van die totale *condition humaine*, opkom in die alledaagse en in enige hulpverleningspraktyk, wat effektiewe nadenke verg omdat die vrae en hulle antwoorde van uiterste (lewens)belang is. 'n Voorbeeld hiervan sou wees wanneer iemand soos Ran Lahav wêreldbeelde en -beskouings analiseer. Skrywers soos Ad Hoogendijk sien die taak van Filosofie in die filosofiese praktyk nie as teorievormend nie, maar om bestaande kwesies te bevraagteken en 'n verband te handhaaf met die alledaagse. Dit sluit in die toets van die filosofiese erfgoed aan die praktyk. Wanneer hulpverleners (en ook tegnisië) nadink, is hulle wese besig met Filosofie, aldus iemand soos Eite Veening, en omdat hulle met mense se lewenskwaliteit werk, dra hulle groot verantwoordelijkheid in hierdie opsig. Omvattende vrae en antwoorde oor wat sin- en betekenisvol is, vra deegliker besinning van hulpverleners as gewone, alledaagse situasies (toegegee, laasgenoemde implisiet ook deurtrek met die sin- en betekenisvraag) en kan nie slordige denke bekostig nie. Veening wys verder daarop dat die wêreld vol is van die bewyse van swak dinkwerk, en dra van sy boeke dan ook op aan al die slagoffers van kortsigtigheid.

Daar kon verwag word dat hierdie ontwikkelings in die Filosofie in 'n debat

met die Sielkunde (en selfs later die praktyk van Lewensafrigting) sou ontaard, wat dan ook die geval is by meeste outeurs in die veld.

**Filosofiese berading het ontstaan omdat daar geglo is dat die Sielkunde nie al die antwoorde het nie, en soms te veel antwoorde wil gee.**

Sommige teoretici binne die veld van Lewensafrigting deel die siening dat die terreine iets vir mekaar te sê het. Filosofiese berading het ontstaan omdat daar geglo is dat die Sielkunde nie al die antwoorde het nie, en soms te veel antwoorde wil gee, te veel wil analiseer in terme van die mediese model van 'n pasiënt-hulpverlener-verhouding en 'n medikalisering van alledaagse probleme. In filosofiese berading word gewerk met gesonde mense met gesonde probleme. Achenbach se filosofiese praktyk is nie-klinies, en wou 'n plek skep waar mense hulle eie idees kon ontwikkel en verantwoordelikheid kon neem rakende persoonlike probleme of aangeleenthede wat vir diesulkes belangrik is, sonder om "behandel" te word. Ander praktisyns soos Schuster staan ook krities teenoor die paternalistiese houding van die Sielkunde en noem haar ontdaanmaking van psigologiese en psigopatologiese voorveronderstellings deur filosofiese berading 'n proses van de-analise en de-diagnose, terwyl sy die verhouding tussen kliënt-terapeut sien as 'n dialogiese een en nie hiërargies nie. Ran Lahav praat ten tye van sy wêreldbeeld-analises ook van die de-psigologisering daarvan. 'n Sterk saak word in hierdie literatuur uitgemaak ten gunste van 'n standpunt dat daar 'n definitiewe plek is vir filosofiese berading en die nuwe rol wat vir dit voorgestel word in die hulpwetenskappe. Die historiese wisselwerking en wedersydse beïnvloeding tussen die twee dissiplines sterk die saak van moontlike samewerking verder. Daar is egter steeds verskeie etiese en ander aangeleenthede, byvoorbeeld vergoeding, verantwoordelikeidsomlyning en

professionaliteit, om enkeles te noem, wat bepraat moet word voordat die verhouding tussen die Sielkunde, Lewensafrigting en Filosofie 'n gemaklike een sal wees vir sover dit die 'beradingsaspek' betref.

Twee aspekte, wat ooreenstem met wat ook in die Sielkunde, Bedryfsielkunde en Lewensafrigting gebeur het en steeds gebeur, dien opgemerk te word rakende hierdie nuwe terrein: dat daar reeds hier vroeg 'n popularisering van die onderwerp plaasgevind het, waar sogenaamde "quick fix"-boeke binne die nuwe velde van filosofiese berading en Filosofie as bestuurshulpmiddel begin verskyn het. Ek is nie oortuig daarvan dat dit noodwendig 'n goeie afskop is vir 'n terrein wat sigself nog probeer vestig en bemark nie. Tweedens is daar 'n oor en weer uitleen en gebruik van begripsinhoudes en terminologie tussen hierdie dissiplines sonder om altyd betekenis, definisie en konteks in ag te neem. Hierdie kwessie dien ook nie een van die dissiplines betrokke se saak nie. Dit is egter 'n debat op sy eie waarop nie hier verder ingegaan word nie.

### MBA in die Filosofie

Mettertyd het daar ook 'n heel nuwe relevansie vir die Filosofie begin duidelik word in die eis tot bruikbaarheid. Bestuurskonsultante het naamlik begin agterkom dat daar sekere vaardighede in die Filosofie bemeester word wat relevant is vir die bestuurswetenskap. In veral Nederland het outeurs soos Ad Hoogendijk (publikasies soos: *Filosofie voor Managers; Loopbaanzelfsturing: bezieling en vitaliteit*), Catharina de Haas, Paul Wouters, Erik Boers en Jos Kessels, asook organisasies soos die PRATO-Center by die VU in Amsterdam en die *Centrum voor Organisasiefilosofie* as deel van die "Internationale School voor Wijsbegeerte" (ISVW) verskyn wat hulle veral toespits op die gebruik van filosofiese vaardighede en konsepte soos die Sokratiese gesprek, vooroordeel-ontmaskering, kritiese vraagstelling, dilemma-opleiding, fenomenologiese analise en organisatoriese magsanalise in die oplos van bestuursvraagstukke en die uitbou van organisasies.

**In die VSA is daar selfs organisasies wat filosofie in diens neem om te help met Visie- en Missiestellings en ander organisasie-intervensies.**

Tydskrifte soos *Filosofie in Bedrijf* dien as verdere middels tot die voer van die debat in hierdie verband. In die VSA is daar selfs organisasies wat filosofie in diens neem om te help met Visie- en Missiestellings en ander organisasie-intervensies. Van hierdie persone het die spesifieke taak om te funksioneer as "vlieg-in-die-salf" ten tye van spanboue en strategiese beplanningssessies, en raak maatskappye ook al meer bewus van die voordeel wat iemand met filosofiese opleiding vir 'n organisasie mag inhou. In sommige gevalle is diegene juis van buite die organisasie se werksveld gewerf om sodoende te verseker dat persoonlike belange nie 'n rol speel ten tye van sulke persone se insette nie.

### **Dink teen vergoeding - die Etiek van Bepeinsing**

Bo is kortliks twee aspekte geskets as wyses waarop die Filosofie antwoord gee op die eis tot nut, bruikbaarheid en aanduibare, meetbare resultate. Dit blyk gesien te word dat hierdie antwoorde juis daarop mag dui dat die Filosofie nie in die huidige opset hierdie eis kan ontsnap nie. Die rol van geld en die koppeling daarvan met 'n bepaalde ideologie het dieselfde konformerende effek op die tradisionele dissiplines as wat Jacques Ellul se "Tegniek" op ons lewens het - onontsnapbaarheid. Die eerste reaksie hierop is een van afwysing: hoe kan die Filosofie (van alles) toelaat dat hy slagoffer word van die moderne tegnologiese en wetenskaplike eis tot nut en bruikbaarheid? Immers, die Filosofie het hom nog altyd op sy kritiese afstand en onverbonde aard beroem? As sodanig getuig die Filosofie se betrokkenheid hier van 'n tipe nie-outentieke skynheiligheid. Sommige teoretici is van mening dat die

Filosofie, onder andere as gevolg van die fragmentasie van die werklikheid in akademiese dissiplines en met die gevolg dat Filosofie self "leeg" (ontneem van 'n studieobjek) geword het, aan objekverlies ly, bedoellende die afwesigheid van 'n betekenisvolle eenheid van diskoers wat (in werklikheid nog altyd) slegs funksioneer as 'n tipe geïdealiseerde projeksie. Mens kan teoretiseer en selfs sê dat hierdie "leegte" dan 'n vakuum vorm wat filosofie probeer vul deur betrokke te raak by uitkoms-gebaseerde filosofering.

Die vraag bly: moet Filosofie nie sy onverbondenheid en uniekheid bly behou al sterf dit dan uit op kampusse en in die oog van die publiek nie? Laasgenoemde is in wese al klaar aan die gebeur: in 'n bekende boekwinkel is al wat te vinde is op die Filosofierak boeke oor liefdeshulp met kristalle en stappe om in kontak te kom met al sewe jou werklike liggame! Daar is egter myns insiens ook 'n ander saak uit te maak. Mits die twee antwoorde van die Filosofie op die eis tot bruikbaarheid en nut met verantwoordelikheid gepaard gaan (hier bedoel as die bewuste byhou van 'n 'argeologie' van die Filosofie ten einde oorspronge en funksie in gedagte te hou), kan daar tog aangedui word dat filosofiese berading en bestuursintervensies ook nuwe velde van moontlike kennis en ondersoek oopgedek het, en dit steeds doen.

**As sodanig het dit die verdere voordeel van demonstrasie dat daardie wetenskappe waarvan ons so lank ons persoonlike en finansiële sukses verwag het, dalk slegs op halwe krag geloop het.**

Laasgenoemde is veral geleë in die demonstreerbare verskil wat filosofiese kundigheid in 'n persoonlike of organisatoriese probleemsituasie kan hê. As sodanig het dit die verdere voordeel van demonstrasie dat daardie wetenskappe waarvan ons solank ons persoonlike en

finansiële sukses verwag het, dalk slegs op halwe krag geloop het. Vak-etici, veral dié met puriteinse neigings en wantrouers van die postmodernisme se klem op die fragment (die klein verhaal), sal steeds hiermee probleme hê, veral as filosowe ook nog betaal word vir hulle dienste. Denke teen vergoeding mag wel 'n etiese probleem oplewer, maar toegespits op die resultate van verskeie gevallestudies in albei filosofiese antwoorde op die eis tot bruikbaarheid, blyk die nut van die Filosofie (vir ander en vir die vak self) nie-temin duidelik.

Ek probeer nie hier 'n saak uitmaak uitsluitlik ten gunste van die nuwe antwoorde van die Filosofie op die eis tot bruikbaarheid nie. Daar is veel te sê vir die Filosofie se jaloerse houding teenoor sy eie afstand; vrydenkendheid, ook oor die vakwetenskappe heen (vir soverre dit tans eerlik en bekwaam geskied in die akademie), was en is nog altyd 'n maatstaf vir vryheid en 'n voorwaarde vir insig. Net so egter het die (postmoderne) klem op die fragment 'n sekere aantrekkingskrag wat beide sterk historiese en realiteitswortels het. Wat ek wil aandui, is die feit dat die Filosofie wel in staat is tot bruikbaarheid in hierdie spesifieke gevalle en dat die kundigheid en unieke aard van die denkende wetenskap sigself steeds in die (post) postmoderne relevant maak. Lewer iemand soos Martha Nussbaum, weliswaar op tipiese Amerikaanse manier, nie ook onlangs 'n pleidooi hiervoor nie?

**Daar bly steeds 'n behoefte ook aan suiwer teoretisering; aan diegene wat poog om op groter skaal te interpreteer en te integreer.**

Die sleutel hier is 'n pragmatiese balans, al is ek gewoonlik wantrouig oor kompromieë – solank dit nie die oorheersende taak word en filosowe nie op hierdie wyse slegs filosofies-tegnies nuttig wil wees ten koste van gesonde verbandlegging nie, dink ek

daar is tog plek vir beide hierdie antwoorde op die eis tot nut. Soos een kommentator dit stel: *'The society which scorns excellence in plumbing because plumbing is a humble activity and tolerates shoddiness in philosophy because it is an exalted activity will have neither good plumbing nor good philosophy. Neither its pipes nor its theories will hold water.'*

Daar bly steeds 'n behoefte ook aan suiwer teoretisering; aan diegene wat poog om op groter skaal te interpreteer en te integreer. Die resultaat hiervan is ook nie noodwendig altyd Groot Teorieë nie; heeltemal in lyn met die huidige tydsgees. Volkome ontsnapping aan die eis tot bruikbaarheid is egter nie vir die huidige moontlik nie, veral nie in 'n samelewing waar hulpbronne (die Geld-Mens-Tegnologie-industrie) die botoon voer nie. In hierdie konteks kan Filosofie dan, onder andere, net sowel van nut wees vir die spesifieke spektrum van kennisvelde wat nou as relevant beleef word. Wie weet, dalk dek hierdie berekende onderdanigheid aan die eis tot nut en bruikbaarheid ook vir die filosofiese puriteine nuwe velde van besinning oop, byvoorbeeld 'n inhoudelike ontmaskering van dit wat Gerrit Brand iewers die "newspeak" van die bestuursélite noem. Of dalk 'n grondige ondersoek na die redes waarom mense met probleme soms verlig uit informele samekomste met intelligente vriende stap sonder die behoefte om die plaaslike sielkundige se telefoonnommer op te soek. Dalk rig ons ons dan nie hierlangs net op dit wat ons tradisioneel van filosowe verwag nie, maar ook op die soeke na filosofiese loodgieters om, noodgedwonge en gebore uit beter insig, die voelbare tussenbestaan van die mens te help verduidelik en meer leefbaar te probeer maak.

## Die begrafnis van oom Jurie

Prof. Bennie van der Walt  
(Emeritus professor in Filosofie, PU vir CHO)

*Bennie van der Walt het hierdie ongepubliseerde skets van 'n paar jaar gelede onlangs vergete in 'n lêer ontdek. Die skets kom uit 'n tyd toe hy en sy vrou (Hannetjie) vir tien jaar lank die enigste blanke lidmate was van die Kereke ya Gereformeerde Boskop, 'n gemeente van hoofsaaklik swart plaasarbeiders in die omgewing van Potchefstroom. Oom Jurie was een van die oudste lidmate en soos uit die skets sal blyk, het hulle 'n spesiale plek vir hierdie besondere oom in hul harte gehad.*

Sy amptelike naam op sy ID-dokument is Sekhwama David Nyanza, gebore op 01/07/1920. Ons almal het hom eenvoudig as “Oom Jurie” geken. Hy het in een van die tien huisies op 'n ry by “Ten Line” gewoon.

'n Jaar gelede moes hy en ou Ennie egter trek, omdat hulle jongste seun aan vigs oorlede is en daar nie meer een was wat vir die boer kon werk nie. Gelukkig het hulle die koue winter in 'n kamertjie oorlewe totdat hulle dogter, Angelina, haar oor die twee oumense ontferm het en by haar by die Boskop Opleidingsentrum aan huis geneem het.

### 'n Besondere mens

Ten spyte van die omstandighede van sy oudag, was oom Jurie nooit klaerig nie. Inteendeel, hy het 'n fyn sin vir humor gehad. Hoed op die kop (wie dra deesdae nog hoede?), kerie in die hand en altyd in dieselfde gryswit baadjie het hy Sondae kerk toe gestap. (Die kerk is in 'n skuur, nie ver van sy huisie af nie, gehou.) 'n Waardige ou man. Ek was lief vir hom.

Omdat die ou hart op tagtig nie meer sy werk so goed kon doen nie en die vog in sy longe hom baie benoud kon maak, moes ek hom verskeie kere dokter toe en selfs hospitaal toe neem. Min het ek die Donderdag besef dat dit die laaste keer sou wees ...

**Min het ek die Donderdag  
besef dat dit die laaste keer  
sou wees.**

Ons is die naweek weg. Die Maandagoggend bel die hospitaal: “David Nyanza is vanoggend drie-uur oorlede. Sal u asseblief die familie laat weet?” Toe onthou ek eers weer dat ou Jurie gesê het toe ek hom by die hospitaal afgelaai het: “Hulle gaan my op my rug hier uitdra.”

### Voorbereidings vir die begrafnis

Gelukkig het hy 'n begrafnispolis (gereeld uit sy pensioentjie betaal) gehad. Maar die bees kort nog. Omdat dit die Kereke ya Gereformeerde Boskop se beleid is om nie vir begrafnisse geld te leen nie, beveel ons aan dat hulle met dit wat hulle wel het liever 'n paar skape koop. Dit mag egter nie, want Jurie was 'n “groot” (bejaarde) mens. Op die ou einde maak die kerkraad toe 'n uitsondering deur die helfte van die bees se prys voor te skiet.

Soos gebruiklik, word daar ter voorbereiding van Jurie se begrafnis elke aand van die week “nagwake” gehou (die Vrydagaand voor die begrafnis in teenwoordigheid van die ontslapene). Dan word daar gebid, gesing en “gepreek” om die naasbestaendes te vertroos. Maar daar word ook nabetrugting oor die oorledene se lewe gehou, oor hoe hy/sy vir ander tot 'n voorbeeld was. In die Afrikatradisie is daar dus – in teenstelling met ons Westerse kitsbegrafnisse – tyd om terug te kyk op die ontslapene se lewe, te treur en afskeid te neem.

## Die begrafnisseremonie

Om al die begrafnisse van swartmense (wat alleen op Saterdag gehou kan word) in te pas, begin AVBOB al sewe-uur begrawe! Dit voel asof die skraal winterwindjie dié oggend in Mei dwarsdeur jou wil waai. (Daar is net 'n paar seile op die voorstoep gespan om die ergste wind te probeer keer).

Dit word 'n uitgerekte program. Omdat ek en ou Jurie sulke goeie maats was, sal ek die troosdiens behartig. Maar voordat ek aan die beurt kom, is daar eers vier ander wat namens die familie, kerk en gemeenskap die woord voer. Na elke toespraak word bowendien al die versies van 'n gesang uit die *Lifela tsa Sione* gesing!

**Na elke toespraak word bowendien al die versies van 'n gesang uit die *Lifela tsa Sione* gesing!**

## Jurie se geheim

My boodskappie is eenvoudig, dit bestaan uit net twee punte: (1) Wat sal ons van Oom Jurie sê? en (2) wat sê oom Jurie van ons?

Ons kan baie dinge van Oom Jurie sê. Hy het oud geword – nie baie mense haal vandag, in 'n tyd waarin soveel jongmense aan vigs sterf, meer 84 nie. Hy het net een vrou gehad – ook 'n prestasie in die moderne tyd. Hy het 'n groot gesin van 10 kinders (waarvan ses nog lewe) onderhou. Bowendien het hy die voorreg gehad om ook sy kleinkinders (32) en nog meer agterkleinkinders (43!) te sien. Ons kan ook sê dat hy 'n goeie mens was en dat almal hom gerespekteer en lief gehad het. Nadat ons al hierdie dinge opgenoem het, het ons egter nog nie die heel belangrikste oor Jurie gesê nie. Dit is dat hy die Here liefgehad het. Hy het agter Christus aangeloop, sy voorbeeld gevolg. Hoe weet ons dit?

**Hy het agter Christus aangeloop, sy voorbeeld gevolg.**

## Die vrugte van die gees

Ons sien dit in hoe Jurie se lewe gelyk het, die “vrugte” wat hy gedra het (Gal. 5:22, 23). Hulle is **liefde**: hy het sy vrou, kinders en medemens liefgehad. **Blydskap**: al het sy swak hart dit vir hom swaar gemaak, was hy – met 'n ondeunde uitdrukking op sy gesig – altyd gereed met 'n grappie. Al was hy feitlik blind (die dokters kon nie meer iets aan die katarakte doen nie), het die ou oë gelag as ek hom geterg het met al die mooi meisies wat hy nie meer kan sien nie. **Geduld**: ek het hom nooit hoor kla nie – selfs nie toe hy uit sy huisie gesit is nie. **Vriendelikheid**: ek het hom nooit kwaad gesien nie. Ek wonder of hy enige vyande gehad het. Ook van sy **goedhartigheid** kan ons almal getuig. So ook van die **getrouheid** waarmee hy sy werk gedoen en sy gesin versorg het. Ek het hom nooit neerhalend of sleg van ander hoor praat nie. Hy was 'n **nederige** mens. Ek het hom ook nooit sien baklei of hoor raas, skel of vloek nie. Hy het die deug van **selfbeheersing** geken.

Wat kan ons dus anders van oom Jurie sê as dat Christus sy voorbeeld was. Hy het in sy voetspore getrap. Dit was die geheim in die lewe van hierdie besondere mens.

## Wat Jurie vir ons sê

As ons Jurie netnou gaan bêre, is hy vir goed weg van ons af. Maar sy voorbeeld mag ons nooit vergeet nie, dit moet ons altyd bybly. Wat moet hy selfs uit sy graf vir ons sê?

Hy sê vir ons dieselfde as wat die apostel Paulus (in 1 Kor. 11:1) gesê het: “Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus gevolg het.” Nie baie mense vandag kan meer se “Volg my” nie. Hulle sal dalk eerder aan die einde van hulle lewe wil sê: “Moenie maak soos wat ek gemaak het nie.”

Almal van ons – veral ons jongmense – het egter rolmodelle nodig om rigting aan ons lewe te gee. Omdat mense soos Jurie so skaars geword het, volg hulle vandag die TV-sterre, sokkerhelde, dwelmverslaafdes, drinkers en ander slegte mense. Baie ouers is ook nie meer voorbeelde vir hulle kinders nie. Is ons as Christene nog werklik inspirerende modelle om na te volg?

“Broeders en susters, familie, Jurie se lewe hier op aarde is ongelukkig verby. Ons mag hom egter nie vergeet nie. Nie omdat hy nou tot die *badimo* (voorouer-geeste) behoort nie. Nee, omdat hy ons altyd sal herinner aan Jesus Christus. Deur die krag van die Gees het hy dieselfde vrugte as sy Verlosser gedra. In plaas van om troosteloos te huil, kom ons dank eerder die Modimo dat Hy vir ons ’n mens soos oom Jurie gegee het. Iemand wat – al was dit hoe gebrekkig – nie net in sy lewe nie, maar selfs na sy dood – ’n afskaduwing van Christus was. Amen.”

### **’n Graf in die veld**

Jurie se wens was dat hy langs sy jongste seun (twee jaar vroeër aan vigs oorlede) op die plaas van Chris de Beer begrawe sal word.

Daar is nie ’n hek nie – die geroeste draad rondom die begraafplasing met sy twee soetdorings moet verwyder word. Onder AVBOB se tentjie is daar ’n paar plastiekstoele om op te sit. Die graf is gedrapeer met ’n rooi mat en daarbo-op die blink chroom apparaat waarop die kis geplaas word.

Dit is asof dié moderne dinge nie wil inpas by die geel-bruin wintergrasveld rondom nie. Asof dit nie pas by die eenvoudige, opregte mens wat nou aan die rooi aarde toevertrou word nie.

### **Trane ... van blydschap**

Dit is die sang van die mense wat maak dat ’n mens die trane nie langer kan bedwing nie. Nie omdat dit treurig in die trant van “Uit dieptes gans verlore...” is

nie. Nee, omdat dit eerder die stemming “Prys die Heer met blye galme” verklank. Net Christenmense kan só by iets so hartseer soos ’n begrafnis sing.

Die manne staan in ’n lang ry tot diep in die veld.

Hulle gee vir mekaar ronde ysterklippe aan waarmee die hopen rooi grond netjies toegepak word.

Oom Jurie uiteindelik – tot by die opstandingsdag – “goed gebêre”.

**Net Christenmense kan by iets so hartseer soos ’n begrafnis sing.**

### **Soos gras in die veld**

Terug by Angelina se netjiese huisie moet almal se hande – en ook die grawe waarmee die graf gegrawe en weer toegegooi is – eers in ’n drom water gewas word. Dan val ons in ’n lang ry in om ’n bord pap, ’n stukkie vleis en ander bykos te geniet.

Te midde van die geëet en gesels bly my gedagtes egter terugdwing na ’n hopen rooi grond omring deur ’n see van wuiwende, geel-bruin wintergras. Hoe sê Psalm 103 nou weer? “Die mens – soos die gras is sy dae ... as die wind daarvoor waai, is hy weg en sy plek is vir altyd leeg ...”

By dié verskriklike verganklikheid is daar gelukkig iets wat bly: “Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien.” Sy liefde hou ons selfs in die dood vas.

Geen wonder dat dieselfde psalm ten slotte al sy skepsels – magtige engele, hemelwesens en alles wat Hy geskep het – oproep om Hom te loof nie. Ook ek wil vandag die Here loof (vers 22)!



Loots, Sonja. 2011. **Sirkusboere**. Kaapstad: Tafelberg. 264 p. Prys: R195.  
ISBN:9780624053354

**Resensent:** Wian Erlank,  
Fakulteit regte, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Wanneer 'n mens die eerste keer die boek *Sirkusboere* optel, is die leser nie heeltemal seker wat om te verwag nie. Die titel is in Afrikaans, maar die res van die teks op die voorplat is in Engels. Hierdie voorsmaak van die simbiotiese en simboliese aard van die ongemaklike verhouding tussen Afrikaners en Engelse is egter 'n akkurate aanduiding van die narratief wat volg, aangesien dit plaasvind tydens die Anglo-Boereoorlog. Net soos wat die Engelse en Afrikaners met mekaar moes saamleef na die Oorlog, moet die twee tale ook op die voorplat saamleef.

Loots vertel die verhaal van twee Boere-generaals, tw. generaals Piet Cronjé en Ben Viljoen wat direk ná die Tweede Anglo-Boereoorlog in die suide van Amerika in 'n sirkus optree waarin die slag van Paardeberg uitgebeeld word. Dit beteken dat Piet Cronjé daaglik driemaal sy grootste vernedering moet herleef en keer op keer met geboë hoof voor Lord Roberts moet gaan staan – inderdaad 'n Derridiaanse “archival churn”. Hierdie feite is nie algemeen in Suid-Afrika bekend nie, hoewel dit algemeen in Amerikaanse argiewe bekom kon word, aldus die skrywer.

Alhoewel die genre van Anglo-Boereoorlogromans die afgelope paar jare (vanaf die 100-jarige herdenking) redelik deurtrap is, lewer *Sirkusboere* 'n beduidende bydrae tot die genre van historiografie. Dit lê onder andere klem nie net op die lyding van Boeregesinne nie, maar ook op die tasbare omskrywing en bespreking van die lot, lyding en persoonlike opofferinge van die nie-blanke deelnemers aan die Oorlog. Die leser word deurlopend herinner aan die interafhanklikheid van baas en slaaf waar dit gaan oor die verhouding tussen Piet en Fenyang. Hulle is gelykes in hul lyding en ervaar die oorlog as broers en kamerade, maar na afloop van die Oorlog keer hulle terug na hul aparte en goed gedefinieerde rolle soos dit deur die destydse samelewing verwag is. Die leser word herinner aan die lyding en probleme wat die onregverdigheids van die verlede tot gevolg gehad het, maar dit word op so 'n wyse gedoen dat dit selfondersoek bevorder, eerder as om konfronterend te wees.

Die problematiek wat in die roman uitgebeeld word, is universeel verstaanbaar. Temas soos die verlies van identiteit, grond en familie, sowel as verlies van openbare aansien kom sterk na vore, tesame met die finansiële implikasies wat die Oorlog veroorsaak het.

In teenstelling met baie ander periode-romans, kry Loots dit reg om die narratief so te vorm dat dit tydloos is, beide in terme van tyd en plek. Net soos Wilbur Smith kry Loots dit reg om feitelik akkurate historiese gebeure en persone te gebruik om 'n geloofbare, vermaaklike en informerende verhaal te skryf. Daar ontstaan 'n narratief wat klassiek, eerder as modieus is. Hoewel die skrywer veelvuldig gebruik maak van argaïese uitdrukkings en frases, steur dit nie die leser nie, maar verleen eerder geloofwaardigheid aan 'n verhaal wat meer as 'n eeu gelede afspeel. Die karakters kom eg en geloofwaardig voor en nadat die leser agtergekome het dat die narratief inderdaad op feite gebaseer is, sukkel 'n mens om te glo dat daar 'n mate van fiksionalisering van onder andere die hoofkarakters se dialoog is. Veral Piet Cronjé se purgatoriese herhaling van die grootste nederlaag van homself en sy volk roer die hartsnare en is ironies, aangesien dit juis die gevolg is van sy pogings om aan sy verlede te ontsnap.

De Villiers, J.C. (Kay) 2011. **Dwarstrekkers, dwepers en dokters: Merkwaaardige vertellings uit die Anglo-Boereoorlog**. Protea Boekhuis. 240 p. Prys: R195.00. ISBN: 9781869193799

**Resensent:** Meinhard Peters,  
Sentrum vir Beroepsontwikkeling, Pretoria.

JC de Villiers se kort vertellinge rondom medici, gesondheid en die versorging van gewondes; eensame grafte van gevalle soldate, en die gebeure in konsentrasiekampe is boeiend. Waar daar reeds soveel oor die oorlog gepubliseer is oor die afgelope jare, verteenwoordig hierdie boek nogtans 'n baie oorspronklike en lesenswaardige bydrae.

Die boek is baie minder formeel as sy studie *Healers, Helpers and Hospitals*, waarin hy die mediese geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog behoorlik nagevors en aangebied het. In hierdie werk vertel hy uiteenlopende persoonlike verhale en hanteer brokkies inligting wat in die formele behandeling van die onderwerp weggelaat is. Die leser maak hier kennis met aspekte van die Oorlog waarvoor mense sou wonder en nie eens beseft dat iemand daarvan sou kennis dra nie. *Hoe is gewondes behandel? wat het gebeur met diegene wat te velde siek geword het? waarom het die boeremagte beskik wat mediese versorging betref? Wat was die ervaring van helpers, verpleegsters en medici in die Oorlog?*

'n Sterk punt van die publikasie is die besondere foto's; dit verleen lewe aan die boek, die leser word weggevoer na die Suid-Afrika van meer as 'n eeu gelede. Die hoofstukke is slim ingedeel, en die fragmentariese aard van die verhale is nooit steurend nie. Die skrywer slaag daarin om konteks en samehang te verleen aan die verskillende verhale.

Boonop het die skrywer nie 'n byltjie te slyp nie; enigeen kan dit lees en die wêreld van gister beleef, 'n wêreld waarin haat en oorlog mense se emosies hoog opgejaag het. As sulks sluit dit aan by die lang proses van heling van wonde tussen die vegtende partye; 'n proses wat na 110 jaar nog nie afgehandel is nie.

Uit 'n Afrikaanse oogpunt is hierdie boek beslis 'n treffer. Daar is boeke oor die ABO wat meer stof bevat, maar daar is min wat op so 'n toeganklik en leesbare trant geskryf is. Jong lesers sal deur hierdie boek as 't ware van die kantlyn af die Oorlogsjare van 1899-1902 ervaar - deur die verhale van mense wat agter die gevegslynies en die drama van oorlog te doen gehad het met die smart, en die vernietiging van menselewens wat daarmee gepaard gegaan het.

**WOORD & DAAD** op die internet! /

**WORD & ACTION** on the internet!

[http://www.journals.co.za/ej/ejour\\_woord.html](http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html)

Gebruikersnaam en wagwoord kan aangevra word by:

UserID and password can be obtained from:

Erika.Otto@nwu.ac.za